# COMMUNIKÉ


Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe


1989

Universiteit van Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# MET 'N TRUSTBANK-TJEKREKENING KRY U DIE WAARDEVOLSTE VOORDEEL GRATIS.





Dis miskien deesdae buitengewoon, maar u TrustBank-tjekrekening gee u direkte toegang tot u bankbestuurder. Wanneer u hom ook al nodig het, staan sy deur vir u oop.

Dis die TrustBank-manier.

En die voordele eindig ook nie daar nie.

U verdien daagliks rente van die eerste Rand af op u kredietbalans. Daarby is elke tjek tot minstens R200 gewaarborg.

En omdat TrustBank die langste oop-bly, het u 'n ekstra 8½ bankure per week.

U tjeks word verpersoonlik met u adres en telefoonnommer daarop om ongerief te vermy.

Open vandag u TrustBank-tjekrekening en word behandel soos iemand wie se banksake werklik belangrik is.

TRUST BANK

Vir persoonlike aandag.

DMB&B S7339


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# INHOUD

**REDAKSIONELE KOMITEE**

Prof Koos Stadler (Dekaan), Mev Adri van der Merwe (Skakelbeampte)

Departementele verteenwoordigers:

Mnr Ian Scott (Bedryfsekonomie), Dr Thinus De Wet (Bestuurswese), Mej Serona Spershott (Ekonomie), Prof Chris Nagel (Handels- en Arbeidsreg), Mnr Willie Lubbe (Landbou-ekonomie), Dr Hein Brand (Personeelbestuur), Dr Petrus Brynard (Publieke Administrasie), Mnr Bill Collins (Informatika), Prof Dieter Gloeck (Rekening- en Outitkunde), Mnr André Swanepoel (Statistiek)

Sekretaresse: Mev Vivian Botha

**NAVRAE**

Enige navrae in verband met enige van die artikels wat in COMMUNIKé verskyn, kan gerig word aan mev Adri van der Merwe, Interne Skakelbeampte van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurwetenskap, by telefoon 420-2711.

**UITNODIGING**

Dit staan alle mediaredakteurs en ander persone vry om by wyse van aanhaling en/of herdruk redaksionele inhoud van COMMUNIKé te gebruik, solank gebruiklike erkenning aan COMMUNIKé gegee word.

COMMUNIKé word namens die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria redaksioneel versorg en uitgelê deur Seymore van Biljon, Reklame en Skakelkonsultante (Edms) Bpk, Posbus 40016, Arcadia, 0007. Tel (012) 436086/97.

**1989 ISSN 1013-168X**

**Redaksioneel** 2

**Aktueel**

Vroue as bedryfsleiers en openbare bestuurders 3
"Nee" vir adverteer deur rekenmeesterprofessie 3

**Fakulteitsnuus**

1990: Feesjaar vir die Fakulteit 4
Groter betrokkenheid by skoleskakeling 5
Baanbrekers in bestuursopleiding 6
Vereniging vir MBA-studente 7
Advieskomitee van die Nagraadse Bestuurskool 7
Nagraadse Bestuurskool se veertigjarige feesvieringe 8
Intreeredes 10

**Onderrig**

Deurlopende evaluering van onderrigprogramme 11
Die eerste BCom-studente by Witbank 11
Twee nuwe magistergrade 12
Studie vir strawwe eksamen só verlig 12
Nuwe graad in Bankwese 13
Onderrigontwikkeling geniet hoë prioriteit 13

**Internasionaal**

Fakulteitslede besoek buiteland 14
Buitelandse besoekers 16

**Promosieplegtighede**

Ere-doktorsgraad aan Francis le Riche 17
Rekordgetal grade toegeken 17

**Gemeenskapsdiens**

Fakulteit deel sy kundigheid 18
Deelname aan Tuks forum 19
Vakkundige betrokkenheid in Suid Afrika 20

**Alumni-fokus**

Die einde van 'n era 21
Dr Piet van der Merwe 22
Dr Chris Stals 23

**Navorsing**

'n Leier in prestasie-ouditering 24
'n Nuwe Polis vir Verswakte Bejaardes 24
Suid-Afrika se gasvryheid beïndruk buitelanders 25
'n Nuwe vaktydskrif 25

**Studenteprestasies**

Topstudente word beloon 26
GR-eksamen onder moeilike omstandighede afgelê 28
Fakulteit lewer topstudent vir die derde keer 28

**Personeel**

Nuusbrokkies 29
Grade deur personeel verwerf 30
Nuwe Akademie-lede 30
Dosentekorps versterk 31
Personeelbevorderings 31
Buitengewone professore aangestel 31

**Sport**


Staatmaker- senter van die Blou Bulle 32



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# REDAKSIONEEL

# Vanuit die dekaanskantoor



*Prof Koos Stadler, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*

In sy strewe na uitnemendheid in die skepping en verspreiding van kennis, het die Fakulteit oor die afgelope paar jaar besondere klem gelê op die gehalte van studente wat tot sy graadkursusse toegelaat word en die uitbreiding van nagraadse studie. Die toelatingsvereistes vir sowel voor- as nagraadse studie is aansienlik verhoog en verskeie stappe is geneem om goeie nagraadse studente te lok. Die sukses wat behaal is word duidelik in die verandering in samestelling van ons studentekorps weerspieël.

In die eerste plek het die getal studente wat gemiddeld A-, B- en C-simbole in matriek behaal het sterk toegeneem, terwyl dié met laer simbole skerp afgeneem het. In 1989 het die getal nuweling voorgraadse studente met 'n A-gemiddeld feitlik verdubbel. Gesamentlik het die getal studente met gemiddeld A-, B- en C-simbole vanaf 458 in 1988 tot 524 in 1989 toegeneem, 'n groei van 14 persent. Hierteenoor het die studentegetal met laer simbole met 11 persent gedaal.

In die tweede plek het die getal nagraadse studente, ten spyte van strenger toelatingsvereistes, met ongeveer 10 persent toegeneem. Toenemende getalle studente wat hul voorgraadse studie by ander universiteite voltooi het, kom na die Fakulteit vir hul nagraadse studie. Om die groeiende getal nagraadse studente te akkommodeer, is daar in die nuwe gebou van die Fakulteit spesiale voorsiening vir nagraadse opleiding gemaak.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Vroue as bedryfsleiers en openbare bestuurders



*Prof Ronel Erwee*



*Prof Yvonne Andrews*

**Bedryfsleiers**

Prof Ronel Erwee van die Nagraadse Bestuurskool het 'n unieke kursus, wat op vroue as bedryfsleiers gerig is, ontwikkel. Dit word in die vorm van 'n werkswinkel in Oktober en November aangebied, maar 'n voorskou is reeds op 28 Junie 1989 gehou.

Dié voorskou het op die optimale benutting van mensekrag, met bepaalde klem op vroue as deel van die hoëvlak-kundigheid, gefokus.

Dit is die eerste keer dat hierdie program in Suid-Afrika aangebied word en die groot behoefte daaraan word ondersteun deur die feit dat dit reeds twee maande voor die sluitingsdatum vol bespreek was. Suid-Afrikaanse sakeondernemings besef dus dat vroulike bedryfsleiers 'n besondere bydrae tot die sukses van ondernemings kan maak.

Volgens prof Erwee dui vooruitskattings op 'n vraag na meer as 425 000 bestuurders en administratiewe beamptes in die jaar 2000. Na raming sal daar 'n tekort van minstens 103 000 bestuurders en entrepreneurs wees. Vroue is volgens prof Erwee die mees voor-die-hand-liggende hulpbron om die tekort aan hoëvlak-mensekrag te verlig. Volgens die Nasionale Mannekrag Kommissie (NMK) het vroue reeds hul bydrae tot hoëvlak-arbeidskrag van 31 persent in 1971 tot 37 persent in 1985 opgestoot.

Vroulike studente verteenwoordig reeds 46 persent van alle voorgraadse studente aan Tukkies. Die persentasie vroulike studente in BCom-studierigtings neem ook steeds toe.

Gedurende September vanjaar het prof Erwee 'n spesiale program vir die ontwikkeling van leierskapsvaardighede van moontlike bedryfsleiers by die Ashridge Management College in Brittanje bygewoon.

**Openbare bestuurders**

In die openbare sektor het die vrou reeds aansienlik in die laer tot middelbestuursvlakke gevorder. Volgens prof Yvonne Andrews van die Departement Publieke Administrasie, beklee vroue in Suid-Afrika steeds slegs 1,3 persent van die topbestuursposte in die openbare sektor.

Tydens 'n onlangse studietoer in die VSA het prof Andrews besondere aandag aan die rol van die vrou as openbare bestuurder geskenk. Sy het ook 'n referaat oor *Die Vrou in Openbare Bestuur* by die konferensie ter viering van die 50-jarige bestaan van die American Society for Public Administration gelewer.

# "Nee" vir adverteer deur rekenmeestersprofessie

Tydens 'n forumbespreking wat in Januarie vanjaar deur die Skool vir Rekenmeestersopleiding gereël is, het prof Dieter Gloeck sterk standpunt teen die adverteer van dienste van professionele rekenmeesters ingeneem. Die forum is gereël om 'n dokument wat in dié verband deur die Uitvoerende Komitee van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad (OROR) en die Raad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) uitgereik is, te bespreek.

Prof Gloeck het bepleit dat veranderinge aan die bestaande reëls slegs oorweeg moet word indien dit aan die volgende kriteria voldoen:

- Dit moet tot die langtermyn-voordeel van die professie wees;
- die effek van hierdie veranderinge moet wetenskaplik bepaal word;
- alhoewel internasionale ontwikkelinge in aanmerking geneem behoort te word, moet dit nie as deurslaggewend beskou word nie;
- die lede van die professie en die gemeenskap wat hulle bedien, behoort oor die veranderinge te besluit, en
- die ouditfunksie moet nie nadelig daardeur geraak word nie, aangesien dit die ruggraat van die professie verteenwoordig.

In 'n daaropvolgende meningsopname deur middel van 'n vraelys, het meer as 80 persent van die teenwoordige praktisyns uit die professie prof Gloeck se voorstelle ondersteun.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# 1990: Feesjaar vir die Fakulteit

## Fakulteit word 70

Om die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se 70-jarige bestaan aanstaande jaar op 'n luisterryke wyse te vier, word 'n reeks gedenklesings in die vooruitsig gestel. 'n Formele dinee waarna vooraanstaande ekonome, sakelui en veral ook oud-studente van die Fakulteit uitgenooi sal word, word ook in die vooruitsig gestel. Daar bestaan ook 'n sterk moontlikheid dat die Fakulteit 'n internasionale konferensie sal aanbied.

In 'n Senaatstuk van 10 September 1919 word reeds melding gemaak van sekere vakke van die "Faculty of Commerce". Dit was egter eers in 1920 dat die Fakulteit op vaste grondslag geplaas is. Die eerste beskikbare notule van 'n vergadering van die Fakulteit van Handel en Publieke Dienste, ook bekend as Handelsfakulteit (Faculty of Commerce) het op 3 Junie 1920 plaasgevind met prof J E Holloway, die eerste dekaan van die Fakulteit, as voorsitter.


## Nuwe gebou in 1990 in gebruik geneem

Die eerste twee fases van die nuwe gebou van die Fakulteit, wat uit kantore en seminaarlokale bestaan, behoort reeds teen die einde van die jaar voltooi te wees en sal dus vroeg in 1990 betrek kan word. Bouwerk aan die derde fase, wat uit ses groot lesingsale met van die mees moderne toerusting bestaan, het ook reeds begin.

Die Fakulteit kan nie 'n beter geskenk vir sy 70ste verjaarsdag kry nie en die inwyding van die gebou sal beslis 'n hoogtepunt in die feesjaar wees.



*'n Gedeelte van die kantoor- en seminaarkompleks van die nuwe gebou*



*Die nuwe gebou van die Fakulteit wat op die Ooskampus (tussen Roper- en Tindallstraat) geleë is, nader voltooiing*




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Groter betrokkenheid by skoleskakeling

Die betrokkenheid van die dekaan en ander personeel van die Fakulteit by skoleskakeling is vanjaar voortgesit en verder uitgebrei. Meer skole is saam met personeel van die Afdeling Skoleskakeling besoek om inligting oor studiemoontlikhede in die Fakulteit aan leerlinge oor te dra. Verskeie lede van die Fakulteitspersoneel is ook by akademiese verrykingsdae by skole betrek.

'n Spesiale inligtingsdag is op 28 April deur die Fakulteit aangebied. Hoofde van beroepsvoorligting- en handelsvakdepartemente van skole in en om Pretoria, asook onderwyshulpadviseurs van die Transvaalse Onderwysdepartement, is na dié geleentheid uitgenooi. Die hoë bywoningsyfer het getuig van 'n besondere belangstelling in en dringende behoefte aan nouer skakeling tussen skole en die Fakulteit. Verskeie persone het na afloop van die geleentheid versoek dat so 'n inligtingsdag 'n jaarlikse instelling moet word.

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding het gedurende September ook 'n Rekeningkunde-konferensie vir leerkragte van dié vak aangebied. By die geleentheid is veral aandag geskenk aan Rekeningkunde-onderrig en beroepsmoontlikhede in dié veld. Brosjures oor beroepsmoontlikhede in die ekonomiese en sakewêreld is beskikbaar gestel.



*Mnr Gerhard Badenhorst (heel regs) van die Departement Rekening- en Ouditkunde beantwoord vrae oor die opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters van leerlinge aan die Hoërskool Menlopark*

## 1989 KE

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding het vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar 'n publikasie met die oorspronklike vrae en voorgestelde antwoorde van die kwalifiserende eksamen (KE), wat jaarliks deur die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad afgeneem word, in beide landstale saamgestel.

Soos in die verlede, het dié publikasie, bekend as *Die 1989 KE/The 1989 QE* in 'n rekordtyd, danksy goeie spangees en nougesette nakoming van sperdatums deur die onderskeie medewerkers, verskyn.

Verskeie rekenmeestersfirmas in Pretoria het die publikasie finansieel ondersteun.

# Standardbank beurswenners



*Op die foto verskyn die dekaan (middel) saam met die Standardbank beurswenners van die Fakulteit en Mnr Peens van Standardbank (links) by geleentheid van die beurssertifikaatoorhandiging op 29 Augustus 1989*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Baanbrekers in bestuursopleiding

**Nagraadse Bestuurskool vier veertigste verjaardag**

Die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria is vanjaar veertig jaar oud. Dit is die oudste Nagraadse Bestuurskool in Suid-Afrika en sover bekend ook die oudste buite die Verenigde State van Amerika. Dié Bestuurskool kan dus met reg as die baanbreker in bestuursopleiding in Suid-Afrika beskou word.

Die veertigste bestaansjaar van die Skool is op 'n luisterryke wyse op 23 Junie 1989 met 'n samekoms van ouddosente en -studente gevier (kyk fotobladsye 8 en 9).

Die Nagraadse Bestuurskool was nie net eerste nie, maar is steeds op die voorpunt met hul huidige benadering tot nagraadse bestuursopleiding, bestuursnavorsing en gemeenskapsdiens. Die Bestuurskool is daarop ingestel om deur middel van akademiese kundiges met wye praktiese ervaring, volledige bestuuropleiding op 'n persoonlike vlak aan te bied. Gesofistikeerde opleidingshulpmiddels soos rekenaargebaseerde opleidingsmetodes, word ook optimaal aangewend.



*Stigters, direkteure en lede van die Advieskomitee*

*Voor (van links): prof P W Hoek (stigterslid), dr C L de Bruyn (stigterslid), prof W F J Steenkamp (stigterslid), prof H J J Reynders (direkteur 1959 tot 1973), mnr A R J Cross (stigterslid)*

*Agter: prof L M Brümmer (direkteur 1984 tot 1988), mnr M F Myburgh (advieskomiteelid), mnr M Mahanyele (advieskomiteelid), prof C W I Pistorius (huidige vise-rektor: Besigheidsbestuur en direkteur 1973 tot 1984), prof J J Stadler (dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), dr J H Visser (advieskomiteelid) en prof M J C van Vuuren (huidige direkteur)*

**Stigting**

Die gedagte aan die stigting van 'n Bestuurskool het reeds in 1946 ontstaan toe prof P W Hoek, destydse hoof van die departement Rekening- en Ouditkunde, tydens 'n studietoer in die VSA die noodsaaklikheid en belangrikheid van nagraadse bestuursopleiding besef het. Hy en sy vennoot, dr Barry Wiehahn, wat in 1948 die graad MBA met lof aan Harvard verwerf het, het daarna voorstelle oor die instelling van MBA-opleiding aan die Universiteit van Pretoria gemaak.

Die Universiteitsraad het 'n komitee, onder die voorsitterskap van dr C L de Bruyn (wat nog steeds 'n getroue ondersteuner van die Bestuurskool is), benoem om die lewensvatbaarheid van MBA-opleiding te ondersoek. Ook mnr Cross, as vennoot van Hoek, Wiehahn en Cross, was by die stigting en lesings van die Bestuurskool betrokke.

Die Raadskomitee het aanbeveel dat 'n Instituut vir Bestuur en Administrasie (die latere Bestuurskool) in die lewe geroep word en die eerste klasse het op 9 Maart 1949 begin. In 1951 het die eerste studente hul grade ontvang.

Iemand wat oor baie jare die stukrag by die Bestuurskool was, is prof Hennie Reynders, wat ná prof Goudriaan se aftrede in 1959 direkteur van die Bestuurskool geword het, totdat hy in 1973 uit die diens van die Universiteit van Pretoria getree het. Hy is 'n geëerde leermeester vir 'n groot aantal van die 1500 studente wat afgestudeer het, en het in 'n groot mate aan die Bestuurskool beslag gegee.

Prof Reynders is deur prof Callie Pistorius opgevolg, wat die Bestuurskool verder uitgebou het. Na prof Pistorius se aanstelling as vise-rektor: Besigheidsbestuur by UP in 1984, was prof Leon Brümmer vir 'n periode van vier jaar, tot Junie verlede jaar, met groot toewyding aan die roer van sake.

**Streng keuring**

Die Nagraadse Bestuurskool, wat sedert Julie 1988 onder die bekwame leiding van die huidige direkteur, prof Tienie van Vuuren, staan, is een van die voorste nagraadse bestuurskole. Die groot aantal aansoeke van voornemende MBA-studente wat jaarliks ontvang word, stel die Skool in staat om besonder hoë keuringsvereistes te stel. Op sy beurt verhoog dit weer die standaard van opleiding en bevorder dit die bemarkbaarheid van die kursus sowel as dié van afgestudeerde studente. In die 1989-klas van MBA-studente is daar onder andere twee praktiserende veeartse, 'n argitek, prokureur, meganiese ingenieur en 'n mynbougeoloog.

Die MBA-kursus word voltyds en deeltyds aangebied. In 1989 was 300 studente vir die graad ingeskryf, terwyl 'n aantal DBA-studente ook tans besig is met studie aan die Bestuurskool.

Sowat 1500 studente het al die MBA-graad aan UP behaal. Van die oudstudente van die Skool beklee vandag topposte in die nywerheid, sakewêreld en openbare sektor: dr Joe Stegmann, voorsitter van Sasol, mnr Meyer Kahn, besturende direkteur van die SA Brouerye en oud-minister Danie Steyn.

**Bestuursopleiding aan Swart sakelui**

'n Nuwe verwikkeling by die Nagraadse Bestuurskool is om meer

*(vervolg op bladsy 7)*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

### Baanbrekers in bestuursopleiding

*(vervolg vanaf bladsy 6)*

Swartmense by Tuks se opleiding te betrek. Die getalle is egter so groot dat dit onmoontlik is om al die opleiding by die Bestuurskool op die kampus te doen. Daar sal dus voorsiening gemaak moet word vir rekenaargebaseerde opleidingstegnieke wat gedesentraliseerd aangebied kan word. Dosente sal op 'n gereelde basis regstreeks met studente in verbinding wees. Om dié soort opleiding te finansier, verkry die Bestuurskool vennote uit die private sektor.



*Mnr Mohale Mahanyele*

## Vereniging vir MBA-studente

Die Nagraadse Bestuurskool is besig om kontak met sy oud-studente op te bou. 'n Alumni-vereniging is op 23 Junie 1989 in die lewe geroep. Mnr Johan Coetzee, senior hoofbestuurder, Volkskas, is as voorsitter van die Alumni-vereniging benoem. Die ander lede van die bestuur is: dr Koos Smit, lid van die Bestuursraad, BMW; mnr Johan Nel, Volkskas; en mnr Leon van Tonder, Rand Mines.

Oud-studente wat nog nie met die Alumni-vereniging geskakel het nie, word vriendelik versoek om prof Gerrie Roodt, wat die leiding by die stigting van die Alumni-vereniging geneem het, by (012) 420-3375 te skakel.

Van die voordele wat lidmaatskap van die vereniging bied, is opknappingskursusse wat vir oud-studente by die skool aangebied gaan word of die oud-studente wat in topposte by organisasies is, kan hul werknemers na kursusse stuur.

## Nuwe embleem vir die Nagraadse Bestuurskool

1949-1989 TUKS

AD DESTINATUM PERSEQUOR

NAGRAADSE BESTUURSKOOL
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

*Baanbrekers in Bestuursopleiding*

Die verband met die Universiteit van Pretoria word deur die naam "Tuks" verteenwoordig, terwyl die woorde "Nagraadse Bestuurskool" duidelik uitstaan. Die slagspreuk *Baanbrekers in Bestuursopleiding* sinspeel op die unieke kundigheid, skeppende bestuursdenke en ervaring van die Bestuurskool, asook op die feit dat hy die oudste Nagraadse Bestuurskool in Suid-Afrika is.

## Advieskomitee van die Nagraadse Bestuurskool

'n Nuwe advieskomitee vir die Nagraadse Bestuurskool is vanjaar saamgestel. Die doel van die komitee is om rigting aan die bedrywighede van die Nagraadse Bestuurskool te gee.

Die lede van die komitee is:

**Mnr M T de Waal (Voorsitter)**
(Voorsitter van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie en Yskor)

**Mnr D E Cooper**
(Vise-voorsitter, Barlow Rand)

**Mnr J M Kahn**
(Besturende Direkteur, SA Brouerye)

**Mnr M Mahanyele**
(Lid van die Ekonomiese Adviesraad van die Staatspresident)

**Mnr J J Morris**
(Hoof Uitvoerende Beampte, Hunt, Leuchars & Hepburn Holdings)

**Mnr M F Myburgh**
(Assistent-Hoofbestuurder, Spoorverkeer)

**Prof C W I Pistorius**
(Vise-rektor: Besigheidsbestuur)

**Prof P Smit**
(Vise-rektor: Akademies)

**Prof J J Stadler**
(Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)

**Mnr J G J van Vuuren**
(Uitvoerende voorsitter, Krygkor)



*Hoofde van Bestuurskole in die land het vanjaar by die Universiteit van Pretoria bymekaar gekom om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. Van links na regs: Prof PM Sulcas (Kaapstad), prof NP du Preez (PU vir CHO), prof AA Archer (UBS), prof J Venter (Durban-Westville), proff CJ Coertse en NE Wiehahn (SBL), prof MJC van Vuuren (UP) en prof R van Wyk (Kaapstad)*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010


# Nagraadse Bestuurskool se veertigjarige feesvieringe



*Pa, dogter en skoonseun, graduandi van die Nagraadse Bestuurskool. Prof K Adendorff by sy dogter, Susan (regs) en sy skoonseun Bouwe Hamersma (links)*



*Drie broers wat die MBA-graad aan die Universiteit van Pretoria verwerf het. Van links is prof S C Gouws (1976), dr L J Gouws (1980) en mnr J G Gouws (1986)*



*DBA-gegradueerdes van die Nagraadse Bestuurskool wat die veertigjarige feesvieringe bygewoon het*

*Voor van links: dr J E Coetzee, dr E J A Pienaar, prof P W Hoek, prof C F van Veijeren, prof H J J Reynders (DCom) (direkteur vanaf 1959 tot 1973)*

*Tweede ry, van links: dr G H Lochau-Emden, dr J F Smith, dr H J Cronje, prof L M Brümmer, prof M J C van Vuuren, dr F J Barnard*

*Derde ry van links: dr A P H Maritz, prof K Adendorff, dr J A de Villiers, dr F V Viljoen, dr J H Boer , prof J H de la Rey*



*Dames-graduandi (MBA) van die Nagraadse Bestuurskool wat die veertigjarige feesvieringe bygewoon het*

*Eerste ry, van links: mev Wilma van Rensburg, mev A Nagel, prof Ronel Erwee, dr Elizabeth Pienaar en mej M C Meyer*

*Tweede ry, van links: mev Isa van Aardt, mev Susan Hamersma, mev Joan de Beer en mev Eunice Combrink*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010



*Mnr A C Swanepoel (regs) was 'n student in die heel eerste klas van 1949 aan die Nagraadse Bestuurskool terwyl sy seun, mnr F Swanepoel, die MBA-graad in 1986 verwerf het*




*Twee van die trotse baanbrekers wat grade aan die Nagraadse Bestuurskool verwerf het. Mnr Mike Cronjé was een van die eerste graduandi van die Bestuurskool, en dr Elizabeth Pienaar was die eerste vrou wat die DBA-graad aan die Bestuurskool verwerf het*



*Prof Tienie van Vuuren en mev Adri van der Merwe, skakelbeampte van die Fakulteit*

*Prof Tienie van Vuuren, huidige direkteur, aan die woord tydens die veertigjarige verjaardagviering van die Nagraadse Bestuurskool. Op die foto van links is: Prof L M Brümmer (Direkteur: 1984 - 1988), Prof J J Stadler (dekaan), Prof C W I Pistorius (Vise-rektor en direkteur: 1973 - 1984) en lede van die advieskomitee: mnre M F Myburgh, M Mahanyele en dr J H Visser. Prof H J J Reynders (Direkteur 1959 - 1973), en stigterslede mnr A R J Cross, rof W F J Steenkamp, dr C L de Bruyn, en prof P W Hoek*







*Lede van die Klas van '49 - ou klasmaats ontmoet weer.*
*Oud-studente van die eerste klas wat in 1949 aan die Nagraadse Bestuurskool begin studeer het en in 1951 gegradueer het. Van links sit mnre H D Viljoen, G D Wiehahn, J H M van Zyl, M J Cronje en P J H Maree*




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Intreeredes



*Prof George Marx, bekleër van die Momentum Versekeraarsleerstoel in Versekeringswese, by geleentheid van sy professorale intreerede saam met prof Koos Stadler (links) en prof Flip Smit, Vise-rektor (regs)*



*Prof Tienie van Vuuren, direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, by ge-'leentheid van sy professorale intreerede saam met die Vise-kanselier en Rektor, prof Danie Joubert (links) en prof Koos Stadler (regs)*

# Adresse, asseblief

Ons wil graag 'n register van oud-studente saamstel. Indien u 'n oud-student van ons fakulteit is en graag in die toekoms ons skakelblad (***Communiké***) wil ontvang, voltooi asseblief hierdie strokie en pos dit aan:

**Die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, PRETORIA 0002**

Indien u weet van 'n ander oud-student wat nie hierdie skakelblad ontvang het nie, sal ons dit waardeer indien u hierdie strokie (of 'n afskrif daarvan) aan die betrokke persoon/(e) sal aanstuur.

Titel ................................ Voorletters .................. Van ........................................... Voornaam ............................................

Nooiensvan .................................................................... Geboortedatum ........ / ....... / .......

Posadres ........................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

............................................................................................................ Kode ........................................

Telefoonnommer – Areakode ................ Nommer ............................................... (W)

– Areakode ..... ............ Nommer ............................................... (H)

Grade aan Tukkies verwerf (vermeld jaar daaragter)

.......................................................................................................... ..............................................

.......................................................................................................... ..............................................

Werkgewer ........................................................................................... Amptitel ......................................

Opmerkings (bv onlangse bevorderings)

.........................................................................................................................................................



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Deurlopende evaluering van onderrigprogramme

In die Fakulteit se strewe na uitnemende onderrig is deurlopende evaluering en aanpassing van die onderrigprogramme van die Fakulteit, in die lig van die mannekragbehoeftes van die private sektor en die openbare sektor, asook die hulpbronne tot die Fakulteit se beskikking, noodsaaklik.

Verskeie aanpassings aan sowel die voor- as nagraadse programme het sedert verlede jaar in werking getree of word vir 1990 beoog.

Op voorgraadse vlak is verskeie nuwe BCom-grade verlede jaar ingestel en die leergange van ander hersaamgestel. Alle vakkursusse is onder die vergrootglas geplaas en herkurrikuleer. In die geval van Finansiële Rekeningkunde, Bestuursrekeningkunde, Ouditkunde en Belasting, is 'n onderskeid getref tussen dié kursusse vir studente met die oog op die rekenmeestersprofessie en dié vir alle ander studente in die Fakulteit. Die voorgraadse kursusse in Bedryfsekonomie en Bemarkingsbestuur is in beide gevalle van nege na ses verminder, terwyl Finansiële Bestuur as 'n afsonderlike vak op 200- en 300-vlak ingestel is. 'n Nuwe vak, Versekeringswese, met die oog op die instelling van 'n graad BCom (Versekeringswese), is ook tot die lys van vakke in die Fakulteit toegevoeg.

Hierdie aanpassings is vanjaar opgevolg met 'n besluit om vanaf 1990 die vak Bankwese in te stel en die voorgraadse kursusse in Ekonomie van nege na sewe te verminder.

Op nagraadse vlak is verlede jaar verskeie nuwe honneurs- en magistergrade ingestel. Benewens die nagraadse kwalifikasies wat volg op die nuwe BCom-grade waarna hierbo verwys is, is ook twee gespesialiseerde MCom-grade in onderskeidelik Belasting en Bestuursrekeningkunde ingestel. Verder is daar vanjaar 'n magistergraad in Bestuursrekeningkunde, asook 'n honneursgraad en magistergraad in Logistiek, ingestel. Daar is ook besluit om vanaf 1990 'n vierde gespesialiseerde MCom-graad in die Skool vir Rekenmeestersopleiding aan te bied, naamlik in Owerheidsfinansies en -ouditering.

Die Fakulteit vind dit ook van tyd tot tyd nodig om sekere graad- en vakkursusse uit te faseer. So is die afsonderlike vakkursusse in Munisipale Administrasie, asook die graad BAdmin (Munisipale Administrasie) vanaf 1988 uitgefaseer. Op nagraadse vlak word egter steeds vir spesialisasie in Munisipale Administrasie voorsiening gemaak. Vanaf volgende jaar sal ook die Magistergraad in Publieke Administrasie (MPA), sowel as die Diploma in Publieke Administrasie, uitgefaseer word. Die meeste studente vir die MPA-graad kan in die gewone BAdmin (Honneurs)- en MAdmin-grade geakkommodeer word, terwyl die diplomastudente beter by die Technikon geakkommodeer kan word.

Die grade BCom (Finansiële Bestuur) en BCom (Interne Ouditkunde) word ook vanaf 1990 uitgefaseer, hoofsaaklik omdat sommige studente wat vir die graadkursusse inskryf in ander graadkursusse geakkommodeer kan word, maar ook omdat die Fakulteit glo dat die opleiding van Geoktrooieerde Rekenmeesters die hoogste prioriteit moet geniet.

Afgesien van die byvoeging van nuwe graadkursusse, is daar ook vanjaar besondere aandag aan die herkurrikulering van nagraadse vakkursusse wat deur die Fakulteit aangebied word, geskenk. Alle departemente is tans besig om brosjures oor hul onderskeie nagraadse programme en studiehandleidings oor die onderskeie vakkursusse saam te stel.

## Die eerste BCom-studente by Witbank



*Prof Koos Stadler (tweede van links) saam met vier BCom-studente by die Sentrum vir Na-uurse Onderrig in Oos-Transvaal, te Witbank*


Die Universiteit van Pretoria het vanjaar 'n nuwe era betree met die registrasie van die eerste groep studente by die Sentrum vir Na-uurse Onderrig te Witbank.

Uit die totale inskrywings van 295 het 116 studente vir BCom ingeskryf. Na afloop van die eerste semester se toetse en eksamens het die uitslae getoon dat die minder-lesingtyd-en-meer-studietyd-model wat op die Witbank-kampus toegepas word, die studente geensins benadeel nie. Die resultate vergelyk inderwaarheid besonder goed met dié van na-uurse en selfs voltydse studente op die hoofkampus.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Twee nuwe magistergrade



Prof Ernest Glad

### MCom (Bestuursrekeningkunde)

Hierdie kursus, wat vanaf 1989 aangebied word, het sy ontstaan te danke aan 'n ondersoek deur die Skool vir Rekenmeestersopleiding by senior uitvoerende amptenare van groot sakeondernemings.

Hierdie Magistergraad is spesifiek ontwikkel om Geoktrooieerde Rekenmeesters en Gekwalifiseerde Bestuursrekenmeesters verder te bekwaam om finansiële bestuursposte te vul.

Die kursuskoördineerder is prof Ernest Glad, verbonde aan die Skool vir Rekenmeestersopleiding van die Universiteit van Pretoria. Onderwerpe soos finansiering van ondernemings, inligtingsbestuur, beleggingsbesluitneming, bestuursrekeningkundige ontledings en finansiële verslagdoening, vorm die kern van die kursus.

Verskeie bekende sakeleiers is by seminare en lesings oor tersaaklike onderwerpe betrek. Interaksie met die omgewing waar die finansiële bestuur homself bevind, word as van die uiterste belang beskou.

Die toelatingsvereiste vir dié Magistergraad is die professionele kwalifikasie Geoktrooieerde Rekenmeester (GR) of Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester (CMA). Weens die groot belangstelling in die kursus moes studente vanjaar gekeur word. Slegs ongeveer 20 studente sal voortaan elke tweede jaar tot dié graadkursus toegelaat word.

### MCom (Owerheidsfinansies en -ouditering)

In die akademie is daar in die verlede ten opsigte van owerheidsfinansies hoofsaaklik aan makro-ekonomiese en verwante aangeleenthede aandag geskenk en min, indien enige, aan die mikro-aspekte. Met die implementering van omvattende en prestasieouditering word al hoe meer klem gelê op mikro-aspekte verwant aan effektiewe rekenpligtigheid, toereikende finansiële stelsels, behoorlike finansiële bestuur en onafhanklike eksterne ouditering. Om in laasgenoemde behoefte te voldoen, het daar by verskeie oorsese universiteite die behoefte ontstaan om kursusse in owerheidsfinansies en -ouditering, wat op die mikrovlak gerig is, in te stel.

Ook in Suid-Afrika word hierdie behoefte al hoe sterker gevoel en by navraag het dit geblyk dat sodanige kursus 'n behoefte by die volgende belangegroepe sou bevredig:

- Rekenmeestersfirmas wat met owerheidsouditering gemoeid is;
- die kantoor van die Ouditeur-generaal;
- staatsdepartemente;
- plaaslike owerhede en
- semi-staatsinstellings.

Met die oog op die samestelling van hierdie kursus het die aanbieder, prof Bertie Loots, verskeie oorsese universiteite gedurende April vanjaar besoek.

Die toelatingsvereistes vir dié kursus is BCom(Hons) in Rekeningkunde. Aangesien die owerheid waarskynlik in die toekoms meer van private ouditeursfirmas gebruik sal maak, is die verwagting dat gekwalifiseerde reken meesters ook hierdie kursus sal volg. Slegs 20 studente sal elke twee jaar tot die kursus toegelaat word. Die eerste groep studente sal in 1990 ingeneem word.

## Studie vir strawwe eksamen só verlig



*Prof Herman de Jager (links) verduidelik aan prof Jan Crafford (professor honorêr) en prof Koos Stadler (regs) wat die Skool vir Rekenmeestersopleiding beoog met die voorbereidende kursus vir die kwalifiserende eksamen*

Voorbereiding vir die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad se kwalifiserende eksamen is jaarliks 'n groot nagmerrie vir kandidate. Die Skool vir Rekenmeestersopleiding het vanjaar verligting gebring en 'n voorbereidende kursus vir dié eksamen aangebied. UP is die eerste Afrikaanse universiteit wat 'n voorbereidende kursus van dié aard, vir sowel sy eie as vir ander universiteitstudente, aangebied het. Dit is deur 48 studente bygewoon en 71 studente het die kursus op 'n korrespondensiegrondslag gevolg. Studente het tydens die kursus 21 vieruur-vraestelle geskryf.

Die Skool beplan om die kursus weer volgende jaar aan te bied.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Nuwe graad in Bankwese

'n Splinternuwe en unieke graadkursus wat die student voorberei vir die gespesialiseerde wêreld van die bankwese, waarin elke uur van die dag miljoene dollars, mark, pond en selfs rand verhandel word om die wêreldekonomie te finansier, word vanaf 1990 by UP aangebied. Die BCom(Bankwese)-graad bied opleiding aan die persoon wat op bestuursvlak in die bankwese beweeg, die hart van die wêreld se ekonomie elke dag voel klop en help om dit te ontwerp, te ontwikkel en aan die gang te hou.

Deesdae is die rol van die bankier nie net om lener en uitlener met mekaar in aanraking te bring nie, maar ook om elkeen te help om 'n omvangryke projek te beplan en deur te voer. Dit is 'n opwindende wêreld waarin deskundiges uit die ekonomie, die rekeningkunde, die regswêreld en selfs ingenieurs en talle ander spesialiste as 'n span saamwerk om iets nuuts tot stand te bring. Die bankier is die middelpunt - die persoon wat uiteindelik 'n beslissing oor die lewensvatbaarheid van 'n projek moet fel.

Die feit dat die werksomgewing van die bankier gespesialiseerd is en vinnig ontwikkel, het 'n behoefte aan gespesialiseerde voor- en nagraadse opleiding in Bankwese aan die lig gebring. Die *Volkskasgroep* het besluit om hierdie opleiding aan die Universiteit van Pretoria te borg.

Die student wat hom vir hierdie opwindende en hoogs besoldigde beroep wil bekwaam, kan met 'n BCom(Bankwese)-graad begin, dit met 'n honneursgraad in Bankwese opvolg en met 'n MCom of selfs 'n DCom in Bankwese, aangebied deur die Departement Ekonomie, afsluit.

Die BCom(Bankwese)-graad het Bankwese, Ekonomie en Finansiële Bestuur as hoofvakke. Dit impliseer dat die student twee semesterkursusse per jaar in elk van hierdie vakke tot in die derdejaar moet neem. Hy neem ook Bedryfsekonomie, Finansiële Rekeningkunde en Statistiek in die eerstejaar en Besigheidsreg en Finansiële Rekeningkunde in die tweedejaar. Hy kan ook nog twee vakke kies uit Informatika, Personeelbestuur en Bemarkingsbestuur vir sy eerstejaar. In totaal moet hy dus 28 semesterkursusse oor die drie jaar volg.

Die steeds groterwordende behoefte aan professionele bankiers in die praktyk onderstreep die dringendheid van dié graadkursus en plaas UP aan die voorpunt van praktykgerigte opleiding.




*Die groep-besturende direkteur, Volkskasgroep, dr Danie Cronjé (regs) oorhandig 'n tjek vir die nuwe BCom(Bankwese-graad) aan die Vise-kanselier en Rektor, prof Danie Joubert, tydens die bekendstelling van dié graad vroeër vanjaar*

# Onderrigontwikkeling geniet hoë prioriteit

Naas navorsing bly uitnemende onderrig die belangrikste komponent van die Universiteit, en hierdie Fakulteit, se missie. Onderrigontwikkeling moet daarom steeds hoë prioriteit geniet. Deeglike aandag is reeds in die verlede aan die drie komponente van onderrig, naamlik akademiese beplanning, die onderrigpraktyk en die evalueringspraktyk, geskenk. Deur selfgeïnisieerde projekte en opleidingsprogramme word daar voortdurend aandag aan hierdie sake geskenk.

Nuwelingdosente neem spontaan aan onderrigontwikkelingskursusse deel ten einde dieselfde kundigheid- en vaardigheidsvlak as hul kollegas te bereik. In hierdie verband word dosente die geleentheid gebied om lesingaanbiedingsvaardighede tydens werkseminare in te oefen.

Met hierdie werkseminare as vertrekpunt, het dosente in Finansiële Rekeningkunde die inisiatief geneem om mekaar tydens lesingsaanbiedings, in samewerking met die Afdeling Onderrigontwikkeling, te evalueer. Lesings is volgens 'n stel kriteria beoordeel en agterna met die aanbieder bespreek. Van die lesings is op video opgeneem, waardeur die betrokke dosente ook selfevaluering kon toepas.

Hierbenewens neem dosente ook die inisiatief om studiehandleidings wat reeds gebruik word, verder te verbeter. Verskeie werkboeke wat hierdie studiehandleidings komplimenteer en 'n groter mate van selfwerksaamheid by studente bevorder, is vir verskeie vakkursusse ontwerp.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Fakulteitslede besoek buiteland

Die volgende persone het sedert die begin van 1989 die buiteland besoek:

## Departement Bedryfsekonomie

**Dr Deon Nel** was gedurende Januarie 1989 tot April 1989 op studieverlof in Australië. Tydens sy besoek het hy navorsing oor groepbesluitneming, en veral die toepassing daarvan in die Bemarkingsbestuur, gedoen. Daar is veral aandag geskenk aan *Group Decision Support Systems* wat die gebruik van rekenaars by groepbesluitneming behels. Hierdie tegnologie stel bestuurders in staat om deur middel van persoonlike rekenaars gekoppel aan 'n oudiovisuele netwerk, groepbesluite te maak - met beter resultate in die meeste gevalle.

Die meeste van dr Nel se navorsingsresultate is reeds gedokumenteer, waarvan elf publikasies aan vaktydskrifte voorgelê is. Drie is reeds vir internasionale publikasie en twee vir plaaslike vakkongresse aanvaar.

## Departement Bestuurswese (Nagraadse Bestuurskool)

**Prof Adré Boshoff** en **mnr Jasper Schutte** het gedurende Junie aan die *Second International Conference on Comparative Management* in Kaohsiung, Taiwan deelgeneem. In 'n referaat, getiteld *Job satisfaction, job involvement and career anchors of professionals in a third world/first world country*, is die bevindings van 'n uitgebreide studie wat gedurende 1987/88 deur prof Boshoff en mnre Andrew Kaplan en Jasper Schutte van die Departement Bestuurswese onderneem is, gerapporteer.

Tydens dieselfde Konferensie is ook 'n referaat, getiteld *Stress management for teachers: A South African perspective* deur prof Adré Boshoff en mev Hillary Bennett van die Universiteit van Natal gelewer. Prof Boshoff het ook as 'n sessievoorsitter tydens die Konferensie opgetree.

Hy het na afloop van die Konferensie onder meer die Universiteit van Singapoer besoek om meer oor die "ekonomiese wonderwerk" wat in Korea, Taiwan en Singapoer plaasvind, te wete te kom. Prof Boshoff het 'n erkentlikheidsmedalje namens UP se Vise-kanselier en Rektor, prof Danie Joubert, aan die Vise-kanselier en Rektor van die Universiteit van Singapoer oorhandig.

**Prof Nic Alberts** het gedurende April 'n studietoer na Engeland, Nederland, België en Wes-Duitsland onderneem. Die studiereis was gerig op die inwin van inligting oor die jongste ontwikkelings en neigings in arbeidsverhoudinge in Europa. Prof Alberts het veral aandag geskenk aan wetgewing insake arbeidsverhoudinge, die rol van die staat in arbeidsverhoudinge, die rol van vakbonde, die funksionering van werkgewerorganisasies en die bestuur van arbeidsverhoudinge. Sy gevolgtrekking is dat Suid-Afrikaanse vakbonde en werkgewersorganisasies nie op so 'n gekoördineerde en professionele vlak as dié in Europa funksioneer nie. Hy is van mening dat opleiding in arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika aangepas moet word met die oog op die bereiking van beter verhoudinge op die werkfront.


**Prof Ronel Erwee** het in September 'n spesiale program vir die ontwikkeling van leierskapsvaardighede van vroulike bedryfsleiers (Business Leadership for Women) bygewoon. Dié program is deur een van die vooraanstaande bestuursopleidingsentra in Brittanje, te wete die Ashridge Management College, aangebied. Prof Erwee kon met hulle die aktiwiteite van die Nasionale Vereniging van Vroue-ondernemers, wat in 1988 deur haar en prominente Suid-Afrikaanse vroue-entrepreneurs gestig is, deel. Prof Erwee het nie alleen die leiding in Suid-Afrika geneem by verskeie organisasies wat die vrou as bedryfsleier bevorder nie, maar sy het ook 'n unieke kursus *Vroue as bedryfsleiers* ontwikkel. Dié kursus is die eerste in sy soort in Suid-Afrika.

## Departement Ekonomie


**Prof Geert de Wet** het in Maart by geleentheid van 'n konferensie oor Suid-Afrika 'n referaat in Bermuda oor *Die problematiek van die Suid-Afrikaanse ekonomie* gelewer. Die konferensie het die geleentheid gebied om direk met Amerikaanse Kongreslede en Senatore, gemoeid met Afrika en Suider-Afrika, in kontak te kom - iets wat vir Suid-Afrika van besondere belang kan wees in die lig van die negatiewe beeld wat deur die buitelandse media geskep word. Prof De Wet het ook gedurende Augustus, op uitnodiging van die Nobelpryswenner, prof L R Klein, 'n konferensie van Project Link



Mnr Chris Harmse




Mnr Jan van Heerden



Dr Deon Nel



Prof Stephen du Toit



Prof Johan van Zyl


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010




*Prof Brian Smith (regs) van die Universiteit van Bath in Engeland saam met prof Yvonne Andrews op die kampus van die Universiteit van Suid-Kalifornië, Los Angeles*




*Die Suid-Afrikaanse deelnemers aan die Second International Conference on Comparative Management in Kaohsiung, Taiwan. Van links staan mnr Jasper Schutte (UP), prof André Boshoff (UP), mev Hillary Bennet (UN), mnr Clive Bennett (Tongaat Groep) en prof Louis Kamfer (UPE)*

in Parys (Frankryk), bygewoon en 'n bydrae gelewer.

**Mnr Jan van Heerden** het op 11 Augustus vir 'n jaar na die VSA vertrek. Studiebeurse van UP, die RGN en Western Illinois Universiteit het hom in staat gestel om sy studies in die buiteland voort te sit. Mnr Van Heerden het vir 'n gedoseerde meestersgraad in Ekonomie aan dié universiteit ingeskryf. Hy is ook as akademiese assistent in die Departement Ekonomie aangestel vir die tydperk van sy studie.

**Mnr Chris Harmse** het in Julie die Instituut vir Wêreldekonomie in Wes-Duitsland besoek, waar hy sy navorsing oor internasionale handel kon voortsit. Hy het ook 'n artikel, getiteld *Efficiency pre-conditions for successful integration of developing countries into the world economy - case of South Africa*, voltooi. Hierdie besoek is 'n direkte gevolg van 'n vroeëre besoek van prof Bodo Gemper van die Universiteit van Giengen, Wes-Duitsland waardeur die weg vir nouer skakeling tussen dié Universiteit en UP se Departement Ekonomie gebaan is.

## Departement Landbou-ekonomie

**Prof Jan Groenewald** besoek vanaf Augustus tot November die VSA, waar hy by navorsingsprojekte aan die Universiteit van Minnesota te St Paul betrokke sal wees. Tydens sy besoek sal hy ook tyd by Purdue Universiteit, die Wêreldbank en die USDA deurbring. Sy navorsing sal veral op aspekte rakende internasionale landbouhandel en landboubetrekkinge toegespits word.

**Prof Johan van Zyl** het die VSA, Engeland en Europa vanaf 1 Julie 1988 tot 27 Januarie 1989 besoek. Hy het gedurende dié tydperk as navorsingsgenoot aan verskeie navorsingsprogramme in East Lansing, VSA, by die Michigan State Universiteit deelgeneem. Tydens sy buitelandse besoek het hy ook op uitnodiging seminare by ses universiteite in die VSA en twee in Europa aangebied. Twee referate is by die konferensie van die Internasionale Vereniging van Landbou-ekonomie te Buenos Aires, Argentinië gelewer en 'n verdere een by die American Association of Agricultural Economics se konferensie te Knoxville, Tennessee. Benewens sy besoek aan Michigan State Universiteit, besoek hy ook verskeie ander universiteite in die VSA, die universiteite van Reading, Oxford, Cambridge en Aberdeen in Engeland en die universiteite van Kiel, Hanover en Justus Liebieg in Wes-Duitsland.

**Mnr Willie Lubbe** besoek die VSA gedurende April en Mei vir die bywoning van die *NCR 134 Conference on Applied Commodity Price Analysis, Forecasting and Market Risk Management.* Gedurende dié tydperk besoek hy ook verskeie universiteite, onder meer die universiteite van Wisconsin, Michigan State, Purdue, California, Texas A & M en Cornell. Hy bestee ook 'n week in Washington DC by verskillende agentskappe van die USDA.

## Departement Personeelbestuur

**Professor Leo Vermeulen** neem deel aan die *Human resources Management Tour* vanaf 23 Junie tot 9 Julie 1989, waartydens Frankryk en Brittanje besoek is. Tydens die toer is twee kongresse bygewoon, te wete die 14e kongres van die Europese Vereniging vir Personeelbestuurders en die Agtiende Wêreldkongres van die Internasionale Federasie vir Opleidings- en Ontwikkelingsondernemings.

## Departement Publieke Administrasie

**Prof Yvonne Andrews** het op 10 April 1989 'n referaat, getiteld *Challenging the future: Women in Public Management*, gelewer by die viering van die 50-jarige bestaan van die *American Society for Public Administration* in Miami, Florida. Sy het ook van die geleentheid gebruik gemaak om verskeie universiteite en ander instellings in die VSA te besoek.

## Departement Rekening- en Ouditkunde

**Prof Bertie Loots** van die Skool vir Rekenmeestersopleiding het gedurende November en Desember 1988 'n oor-

*(vervolg op bladsy 16)*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

*Fakulteitslede besoek buiteland (vervolg vanaf bladsy 15)*

sese reis onderneem om inligting in verband met die beoogde MCom in Owerheidsfinansies en -ouditering in te win.

Gedurende die eerste deel van die studiereis het hy die volgende plekke besoek : die Universiteit van Florida in Miami, wat op die voorpunt van die ontwikkeling van nagraadse kursusse in owerheidsfinansies staan; die Rice Universiteit in Houston, Texas, waar veral aandag aan moontlike toekomstige klemverskuiwings in voor- en nagraadse rekenmeestersopleiding gegee is en die General Accounting Office in Washingtong DC, die ekwivalent van Suid-Afrika se Kantoor van die Ouditeur-generaal, waar inligting oor aspekte van owerheidsouditering ingewin is.

In die tweede deel van die reis is 'n besoek aan Nederland gebring. Besoeke is gebring en/of bystand is van verskeie universiteite en ander instellings verkry.

Die besoek het grootliks daartoe bygedra dat die magistergraad in Owerheidsfinansies en -ouditering, wat vanaf 1990 deur die Skool vir Rekenmeestersopleiding aangebied sal word, van die belangrikste nuwe ontwikkelings sal bevat.

## Departement Statistiek

**Prof Stephen du Toit** het op uitnodiging van die Universiteit van Surrey, Engeland 'n referaat tydens die Tweede Internasionale Fasetteorie konferensie, wat vanaf 4 tot 6 Julie 1989 in Guildford gehou is, gelewer. Die titel van sy referaat was *Aspects of Quality of life: Urban Blacks in South Africa.*

Prof Du Toit is ook genooi om deel te neem aan die konferensie oor *Best Methods for the Analysis of Change* (29 tot 31 Oktober), wat deur die Science Directorate of The American Psychological Association en die Universiteit van Suid-Kalifornië aangebied gaan word. Hy is ook genooi om tydens hierdie besoek die Universiteit van Minnesota te besoek en lesings aan fakulteitslede en studente aan te bied.

**Mev Estelle Jonkergouw** het op 31 Maart 1989 'n referaat, getiteld *The credit demand and supply function in the Republic of South Africa*, op uitnodiging van prof G Uebe, van die Institut für Statistik und Quantitave Ekonomik aan die Universität der Bundeswehr, Hamburg, gelewer.

# Buitelandse besoekers

**Prof Bazil Moore,** verbonde aan die Western Universiteit in Connecticut, het op 23 Junie 'n besoek aan die Departement Ekonomie gebring. Prof Moore was die gas van Unisa, maar het ook 'n voordrag aan die UP gelewer. Die oogmerk van hierdie besoek was die bekendstelling van 'n boek, getiteld *Horizontalists and verticalists.* Hierdie boek is na byna tien jaar se intensiewe navorsing gepubliseer.

**Prof Kiever**, verbonde aan die Ruhr Instituut in Duitsland, het gedurende Julie vanjaar 'n besoek aan UP gebring. Prof Kiever het gesprekke met die Vise-kanselier en Rektor en lede van die Departement Ekonomie gevoer. Die doel van die besoek was die besinning oor moontlike toekomstige skakeling tussen die Ruhr Instituut en die Departement Ekonomie.

**Dr Willie Leibfritz**, 'n Duitse belastingkenner, het die Skool vir Rekenmeestersopleiding in Mei besoek. Hy is die hoof van die Departement vir Fiskale Studies in München (Wes-Duitsland) en lid van die Instituut vir Ekonomiese Navorsing, wat tans besig is om 'n nuwe belastingstelsel vir SWA/Namibië te ontwerp.

**Prof Adolf Weber** van die Universiteit van Kiel, en **H Maier** van die Wes-Duitse Departement van Landbou, het die Departement Landbou-ekonomie besoek.

**Mnr Brian Twiss**, kundige op die gebied van tegnologiebestuur en onder meer konsultant van die Britse regering, het op 24 Augustus 'n seminaar, getiteld *Experiences of different countries in technology management*, op die Tukkie kampus aangebied.

**Prof John Hirschbuhl** van Akron Universiteit, Ohio, het op 9 Maart 1989 as gasspreker opgetree by die Nagraadse Bestuurskool. Sy lesing het gehandel oor *Computer Based Management Training.*

**Prof James R Stock**, professor in Bemarking en Logistiek aan die Graduate School of Business Administration, Michigan State Universiteit, het onder die leiding van prof Pieter Nagel 'n driedaagse kursus aangebied oor *Strategic Logistics Management*. Die spreker is 'n wêreldkenner en outeur van tientalle publikasies.



*Prof John Hirschbuhl van Akron, Ohio het as gasspreker by die Nagraadse Bestuurskool opgetree. By hom staan prof Tienie van Vuuren (regs)*



*Prof Kiever (tweede van links) van die Rühr Instituut in Duitsland, saam met prof Danie Joubert (heel links), prof Geert de Wet (tweede van regs) en prof Koos Stadler (heel regs)*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Ere-doktorsgraad aan Francis le Riche

Tydens die Lentepromosieplegtigheid is die graad BCom(honoris causa) aan mnr Francis le Riche, voorsitter van, onder meer, die Atlas Vliegtuigkorporasie, toegeken. Met hierdie toekenning het die Universiteit van Pretoria 'n sakeleier van besondere statuur vir sy omvangryke bydrae tot die Suid-Afrikaanse nywerheidswese vereer.

Onder sy leiding is die Atlas Vliegtuigkorporasie tot een van Suid-Afrika se strategiese nywerheidsreuse uitgebou. Mnr Le Riche is ook by 'n groot aantal ander maatskappye betrokke, onder meer die Sentrachem-groep, Federale Volksbeleggings Beperk, Krygkor, Alex White Holdings, Fedfood Beperk, Fedmach Beperk, Boeremakelaars (Koöperatief) Beperk en Eloptro (Edms) Beperk.



Sy veelsydige betrokkenheid by al dié maatskappye het sy buitengewone gawes as bedryfsleier telkens sterker na vore gebring en so bevind hy hom tans in die voorste ry van rigtinggewende nywerheidsondernemers in Suid-Afrika. Mnr Le Riche het al verskeie eerbewyse en toekennings ontvang, onder meer die *Sakeman van die Jaar*-toekenning van die *Sunday Times*, in 1981, en die Orde van die Ster van Suid-Afrika (nie-militêr), wat in 1988 deur die Staatspresident aan hom toegeken is.

*Mnr Francis le Riche*

## Rekordgetal grade toegeken

Gedurende die Somerpromosieplegtighede in Desember, die Herfspromosieplegtighede in Maart en die Lentepromosieplegtighede in September is 'n rekordgetal van 873 grade, waarvan 25 persent nagraads is, in die Fakulteit toegeken. Hiervan was 4 doktors-, 51 magister-, 163 honneurs- en 665 baccalaureusgrade. Hierbenewens is 23 diplomas ook uitgereik.

Op voorgraadse vlak is 41 baccalaureus- en op nagraadse vlak 16 honneurs- en sewe magistergrade met lof toegeken, terwyl een kandidaat die Diploma in Publieke Administrasie met lof verwerf het.

Drie persone het tydens die Herfspromosieplegtigheid die MCom(Belasting)-graad, wat vir die eerste keer toegeken is, ontvang. Die Vise-kanseliersmedalje vir Geesteswetenskaplike fakulteite is aan mnr Roy Hattingh, 'n BCom(Rek)-student, vir sy uitstaande prestasies tydens die graadstudie oorhandig.

* * *



*Die graad MCom (Belasting) is tydens die Herfspromosieplegtigheid vir die eerste keer toegeken. Prof Willem Buys (links), hoof van die Afdeling: Belasting van die Departement Rekening- en Ouditkunde, by mnr Johann Benadie wat die graad met lof behaal het*



*Dosente en studente van die Skool vir Rekenmeestersopleiding tydens die Herfspromosieplegtigheid. Van links is prof Herman de Jager, mnre Kallie Müller, Mark Wiechers, en Roy Hattingh, mej Esna Botha, prof Dieter Gloeck, mej Mientjie de Jager en mev Bianca Kruger*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Fakulteit deel sy kundigheid

## Departement Bedryfsekonomie

### Aankoopbestuur

'n Kortkursus in Aankoopbestuur, wat in samewerking met die Aankopers-Instituut van Suid-Afrika ontwikkel is, word vanjaar aangebied. Die kursus bestaan uit drie modules en word oor 'n tydperk van drie maande aangebied. Hierdie sertifikaatprogram maak slegs vir 30 studente voorsiening en as gevolg van die geweldige aanvraag word die moontlikheid van meer gereelde aanbieding tans oorweeg. 'n Soortgelyke kursus word tans ook vir Yskor-personeel aangebied.

### Kleinsakebestuur

Die sertifikaatprogram in Kleinsakebestuur, wat in samewerking met die KSOK ontwikkel is, word weer vanjaar aangebied. Die kursus strek oor 'n tydperk van een jaar. Studente gebruik elkeen hul eie kleinsakeondernemings as 'n gevallestudie. Leerstof word vooraf beskikbaar gestel. Die leerstof word tydens 'n formele lesing een Saterdag per maand bespreek, waartydens die studente ook praktiese opdragte ontvang om in die volgende maand by hul ondernemings toe te pas. Terugvoer oor die sukses daarvan word tydens die daaropvolgende lesing bespreek. Daar is tans 43 kleinsake-entrepreneurs wat die kursus bywoon.

(Skakel prof Dirk van Rooyen by telefoon (012) 420-3119 vir meer besonderhede in verband met hierdie kursusse.)



*Dr Joe Stegman (tweede van links) was die geleentheidspreker tydens die sertifikaatplegtigheid van die Gevorderde Finansiële Bestuurskursus. By hom staan van links, dr A P Burger, mnr L J van Aard, prof Danie Joubert en prof Tienie van Vuuren*

*Onder: Senior bestuurders van Southern Sun/Holiday Inn wat 'n gespesialiseerde Bestuursontwikkelingsprogram van die Nagraadse Bestuurskool bygewoon het*



## Nagraadse Bestuurskool

### Kortkursusse

Die Nagraadse Bestuurskool was die afgelope jaar weer betrokke by die bevordering van gemeenskapsdiens deur die aanbieding van 'n aantal kortkursusse. Afgesien van sy Bestuursontwikkelings- en Senior Bestuursopleidingskursusse wat jaarliks vir spesifieke instansies aangebied word, is die volgende kortkursusse deur die loop van die jaar aangebied:

- Gevorderde Finansiële Bestuur
- Besluitneming in organisasies
- Vroue as bedryfsleiers
- Statistiek: 'n Noodsaaklike hulpmiddel in bestuur
- Situasie Leierskap Seminaar

Ondernemings wat onlangs van die Bestuurskool se bestuursopleiding gebruik gemaak het, is die Southern Sun-Hotelgroep en Middelburg Steel and Alloys.

### Finansiële Bestuursadviesdiens

Die Nagraadse Bestuurskool het al bekendheid verwerf vir die finansiële bestuursadviesdiens wat onder leiding



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

van prof Leon Brümmer vir private ondernemings aangebied word.

Dit sluit onder meer die volgende in:

- Ontleding en vertolking van finansiële state
- Finansieringsbesluite
- Investeringsbesluitneming
- Dividendbeleid
- Bepaling van 'n onderneming se vereiste opbrengskoers

Mnr Hugo Lambrechts, wat vanaf 1982 by dieselfde diens betrokke is, publiseer 'n deurlopende opname oor effektetrusts. Dit word as die mees gesaghebbende publikasie in Suid-Afrika oor dié onderwerp beskou. Die bevindinge van die opname word kwartaalliks uitgegee en in 'n jaarlikse uitgawe saamgevat.



*Prof Leon Brümmer*



*Mnr Hugo Lambrechts*

## Departement Personeelbestuur

Die kortkursusse in Arbeidsverhoudinge, wat deur die Departement Personeelbestuur en die Instituut vir Personeelbestuur aangebied word, bly steeds besonder gewild. Die aantal persone wat die kursus wil bywoon, het so toegeneem dat besluit is om die kursus gedurende Junie te herhaal.

(Skakel mnr Mof Lemmer by telefoon (012) 420-3127 vir meer besonderhede in verband met die kursus in Arbeidsverhoudinge.)

Verskeie ander kortkursusse, soos kursusse in interpersoonlike vaardighede, onderhoudvoering, onderhandelingsvaardighede, beeldbou en stres en werkstresbestuur, word ook deur lede van die Departement Personeelbestuur aangebied.

(Skakel dr Hein Brand by telefoon (012) 420-2540 vir meer besonderhede in verband met hierdie kursusse.)

## Skool Vir Rekenmeestersopleiding

Die Belastingkliniek is weer vanjaar vanaf 8 Mei tot 9 Junie aangebied. Dosente en studente van die Skool vir Rekenmeestersopleiding is weer eens ingespan om belastingbetalers oor belastingaangeleenthede te adviseer en in die besonder met die voltooiing van hul belastingopgawes vir 1989 te help.

Op versoek van die Anglikaanse Gemeente van Mamelodi-Oos is die kliniek vanjaar ook na Mamelodi uitgebrei.

## Departement Landbou-ekonomie

Die Departement bied jaarliks 'n tweeweeklikse kursus oor Landbou-Ekonomie vir die senior bestuurders van Eerste Nasionale Bank aan. Die kursus het ten doel om basiese landbou-ekonomiese beginsels aan die senior bestuurspersoneel van Eerste Nasionale Bank oor te dra, en sluit die velde van produksie-ekonomie, arbeidsbestuur, landboufinansiering, landboubeleid, bemarking en bestuursinligtingstelsels in die landbou in. Die kursus word in twee modules (elk 'n week lank) by die Eerste Nasionale Bank Sentrum vir Bestuurstudies aangebied.

Die lede van hierdie Departement deel ook hul kundigheid met die boeregemeenskap, georganiseerde landbou, die landbousakesektor, staatsdepartemente en beleidmakers op verskeie ander wyses, onder meer deur gereelde praatjies tydens boeredae en lidmaatskap van komitees.

# Deelname aan Tuks Forum

Fakulteitslede het aktief deelgeneem aan TUKS FORUM wat op 13 September as deel van Lentetuks aangebied is. Tydens dié geleentheid is 20 aktuele en praktykgerigte seminare deur UP akademici aangebied. Die volgende seminare is deur lede van die Fakulteit aangebied:

— Belastingbeplanning by vergoedingspakkette van werknemers (Seminaarleier: Prof Willem Buys)

— Die kleinsake-onderneming op dreef (Seminaarleier: Prof Ludi Koekemoer)

— Ek beoog 'n kleinsake-onderneming (Seminaarleier: Prof Ludi Koekemoer)

— Privatisering : Implikasies vir bestuur (Seminaarleier: Prof Tienie van Vuuren)

— Nuwe perspektiewe op werknemersvoordele (Seminaarleier: Prof George Marx)



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Vakkundige betrokkenheid in Suid-Afrika

Dosente in die Fakulteit het vanjaar referate by verskeie binnelandse konferensies, simposia en seminare gelewer.

**Prof André Boshoff** van die Nagraadse Bestuurskool het tydens 'n opleidingsimposium van die Sielkunde Vereniging van Suid-Afrika wat op 16 en 17 September 1989 in Durban aangebied is, 'n referaat, getiteld *Training in Industrial Psychology : some comments,* gelewer. Prof Boshoff het ook, in samewerking met ander persone, vier referate by die jaarkongres van die Sielkundevereniging van Suid-Afrika, wat vanaf 18 tot 20 September in Durban gehou is, aangebied.


**Prof Pieter Nagel,** bekleër van die leerstoel in Logistiek van die Nagraadse Bestuurskool, het die referaat, *Quality perspective of production management,* by die Elfde Internasionale SAPICS konferensie, wat van 18 tot 21 Junie 1989 in Durban aangebied is, gelewer.

**Prof Geert de Wet** van die Departement Ekonomie het tydens die tweejaarlikse konferensie van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika, wat gedurende September in Johannesburg aangebied is, as een van die hoofsprekers opgetree. Hy het 'n uitnodigingsreferaat oor die ekonomiese groeipotensiaal van Suid-Afrika gelewer.

**Prof Mike Truu** van die Departement Ekonomie het op 15 September 'n referaat tydens 'n Fakulteitsprogram van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gelewer. Prof Truu se referaat was getiteld *Where was economics when the Renaissance happened?* Die hooftema van dié Fakulteitsprogram was *Perspektiewe op die Renaissance.*

**Prof Jan Groenewald** van die Departement Landbou-ekonomie het referate gelewer by die konferensies van die Suid-Afrikaanse Landbou Voorligters en die Suid-Afrikaanse Voedselvereniging. Hy het ook die openingsrede by die Phalaborwa Landbou- en Nywerheidskou sowel as praatjies by drie boeredae gelewer.

**Prof Johan van Zyl** van die Departement Landbou-ekonomie is medeouteur van vier referate wat aangebied is by die Landbou Ekonomie Vereniging van Suider Afrika te Bloemfontein gedurende September. Hy het ook twee referate tydens die konferensie van die Avokado Kwekersvereniging gelewer. Hy spreek verder verskeie boeredae, onder meer ook die UP Boeredag, gedurende Augustus 1989, toe.



*Op 28 Julie is 'n simposium oor die persoonlikheids- en taakvereistes van openbare bestuurders deur die Departement Publieke Administrasie in samewerking met die Instituut vir Opleiding aangebied. Dr Piet van der Merwe, voorsitter van die Kommissie vir Administrasie (links) wat die openingsrede by dié geleentheid gelewer het, saam met prof Paul Botes (middel), hoof van die Departement en prof Koos Stadler (regs)*

**Mnr Willie Lubbe** van dieselfde Departement was outeur en mede-outeur van twee referate wat laat verlede jaar tydens die Landbou Ekonomie Vereniging van Suider Afrika se konferensie gelewer is en lewer ook 'n referaat op dieselfde vereniging se konferensie te Bloemfontein gedurende September. Verder het hy ook 'n referaat aangebied tydens die Onderberg Boere-Unie se konferensie in Junie, te Malelane.

**Dr Hein Brand** van die Departement Personeelbestuur het gedurende die Nasionale Kongres van die Sielkundevereniging van Suid-Afrika gedurende September vanjaar 'n referaat, getiteld *Personeelbestuur: Onderwys en Praktyk; Saamdink oor saamwerk,* gelewer.

**Mnr Hannes de Beer** van die Departement Personeelbestuur het gedurende dieselfde kongres 'n referaat, getiteld *Ontwikkeling van hoëvlak werknemers teen die agtergrond van die Derde Wêreld Ontwikkelingsmilieu,* gelewer.

**Prof Yvonne Andrews** van die Departement Publieke Administrasie het op 28 Julie vanjaar tydens 'n simposium vir openbare bestuurders 'n referaat, getiteld *Moraliteit en die eise wat aan openbare bestuurders gestel word,* gelewer.

**Prof Willem Buys** van die Departement Rekening- en Ouditkunde het 'n referaat, getiteld *'n Nuwe belastingstelsel vir boere,* tydens 'n byeenkoms van die Hoëveld Bonsmara Telersvereniging en die Vrystaatse Ile de France Klub gelewer. Prof Buys het ook tydens die nasionale kongres van die Nasionale Sekretariaat vir deeltydse boere 'n referaat oor *Belasting en die deeltydse boer* aangebied. Tydens 'n byeenkoms van die Pretoriase Streeksvereniging van die SA Instituut vir Siviele Ingenieurs het prof Buys 'n referaat, getiteld *Nuwe ontwikkeling in belasting- en boedelbeplanning,* gelewer.

Tydens die jaarlikse konferensie van die SA Statistiese Vereniging wat van 9 tot 11 November 1988 by die RGN-konferensiesentrum gehou is, het drie personeellede van die Departement Statistiek as sprekers opgetree. **Prof Herman Schoeman** het 'n referaat, getiteld *Toets vir 'n betekenisvolle verskil tussen twee maatstawwe van absolute afwyking,* in samewerking met prof Stephen du Toit en mej Amanda du Preez gelewer.
*(vervolg op bladsy 22)*


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Die einde van 'n era



Gerhard de Kock was een van die indrukwekkendste persone wat die kampus van die Universiteit van Pretoria betree het: 'n gevierde oud-Tukkie wat sy jare as dosent en professor aan UP se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe as "van die gelukkigste jare van my lewe" beskryf het.

Talle Tukkie-studente sal dr Gerhard de Kock onthou as 'n uitmuntende dosent en professor in die Ekonomie en Geld- en Bankwese departemente. Sy treffende gebruik van voorbeelde uit die student se ervaringsveld het sy lesings besonder boeiend gemaak.

Sy studentevriende sal hom veral onthou as die leier van een van die voorste dansorkeste in die stad wat, nadat hulle 'n SAUK-kompetisie gewen het, bekendheid verwerf en by openbare funksies begin optree het.

Hy het egter nie sy studie afgeskeep nie en behaal in 1945 die BA-graad en in 1947 die MA-graad in Ekonomie aan Tukkies, albei met lof. Nadat hy, soos sy ewe beroemde vader, dr Mike de Kock, aan die Universiteit van Harvard studeer het (hy het in 1949 die AM-graad en in 1950 die PhD-graad hier behaal), moes hy sy stokperdjie laat vaar, want sy loopbaan as ekonoom en later as bankier moes voorrang geniet.

By sy terugkoms in Suid-Afrika het dr De Kock 'n pos as senior lektor by UP aanvaar, 'n pos wat hy vir vyf jaar beklee het. Vandaar is hy na die Reserwebank, waar hy in 1963 hoof van die ekonomiese departement geword het. Vanaf 1962 tot 1964 het hy sy pos by die Reserwebank met dié van deeltydse professor in en hoof van Departement van Geld- en Bankwese by UP gekombineer. Sedert 1965 was dr De Kock ook professor-honorêr aan UP en in 1984 het hy lid van die Raad van die Universiteit van Pretoria geword.

Vanaf 1968 tot 1971 dien hy - as verteenwoordiger van Suid-Afrika, Australië, Nieu-Seeland, Lesotho en Swaziland - as alternatiewe uitvoerende direkteur van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) in Washington. In Julie 1971 word hy een van die Reserwebank se drie vise-presidente en in 1976 word hy tot senior vise-president bevorder, totdat hy in 1981 tot president van dié sentrale bank gevorder het, 'n pos wat hy tot met sy skielike dood op 7 Augustus vanjaar beklee het.

Reeds in dié tyd het hy in Suid-Afrika – as dosent, teksboekskrywer, ekonomiese adviseur van die Minister van Finansies en lid van die Eerste Minister en later die Staatspresident se Ekonomiese Adviesraad en as sentrale bankier – die voorste eksponent van die moderne makro-ekonomiese wetenskap geword.

As president van die Reserwebank het hy met groot deeglikheid en oorredingskrag die geld- en bankwese en die monetêre politiek begin rasionaliseer, totdat die Regering in 1985 'n stilstand in die terugbetaling van buitelandse lenings moes proklameer weens die invloed van politieke druk op buitelandse banke om hul lenings aan Suid-Afrika te onttrek. Dit het dr De Kock se moedige rasionalisasiepogings met 'n skok gestuit.

In die daaropvolgende jare het dr De Kock sy besondere oorredingsvermoë aan die herstel van stabiliteit in Suid-Afrika se buitelandse finansiële betrekkinge en heropwekking van nasionale en internasionale vertroue in die groeikrag van die Suid-Afrikaanse ekonomie gewy, en sodoende groot internasionale agting verwerf. Hy is in 1988 deur 'n vooraanstaande finansiële tydskrif as een van die twee indrukwekkendste sentrale bankiers van die jaar benoem.

'n Lang lys van ere-posisies en ere-toekennings getuig van 'n lewenslange verbintenis met die ekonomie; president van die Ekonomiese Vereniging (1980 en 1981), president van die Instituut van Bankiers, die Tinie Louw-toekenning van die AHI vir uitmuntende diens aan die sakegemeenskap (1979), die Stalsprys vir Ekonomie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n ere-medalje van UP se Verteenwoordigende Studenteraad en die Orde vir Voortreflike Diens Klas 1: Goud van die Staatspresident, om maar net 'n paar te noem. Vier universiteite het eredoktorsgrade aan hom toegeken, naamlik Natal (1982), Port Elizabeth (1987) asook Potchefstroom en Pretoria (1988).


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Twee topposte vir

## *Dr Piet van der Merwe*

Dr Piet van der Merwe, 'n oud-student waarop die Fakulteit met reg kan trots wees, is vanaf 1 Julie 1989 as voorsitter van die Kommissie vir Administrasie aangestel. Sy toewyding, besondere vermoë om innoverende gedagtes en oplossings vir probleme te formuleer, en uitstekende leierskap het sy loopbaan gekenmerk.

Piet van der Merwe, gebore in Kroonstad, matrikuleer aan Koppies Hoërskool en verhuis daarna na Pretoria, waar hy by die Staatsdiens aansluit. Deur Buitèmuurse studie aan die Universiteit van Pretoria behaal hy eers die BCom-graad in 1953 en daarna THOD, BA, BA(Ekon) Hons en MA (Ekon) - almal met lof. In 1971 behaal hy die DPhil-graad.

Na 'n periode van 20 jaar waar hy by verskeie Staatsdepartemente werksaam was, word hy in 1967 as lektor in Ekonomie by sy alma mater aangestel, in 1968 word hy tot senior lektor, en in 1971 tot mede-professor, bevorder.

In 1979 keer hy terug na die Staatsdiens, waar hy as adjunk-voorsitter van die Nasionale Mannekragkommissie aangestel word. Kort daarna word hy adjunk-direkteur-generaal en in 1981 direkteur-generaal van die Departement Mannekrag, 'n pos wat hy tot aan die einde van 1988 beklee het. In die begin van 1989 word hy 'n lid van die Kommissie vir Administrasie en op 1 Julie is sy aanstelling as voorsitter van die Kommissie vir Administrasie nog 'n hoogtepunt in 'n lang en vrugbare loopbaan.

Dr Van der Merwe het groot bydraes op die arbeidsgebied gelewer. Reeds as dosent aan die Universiteit van Pretoria het hy sy studie, navorsing en doseerwerk op arbeidsekonomie toegespits. Deur sy navorsing en publikasies het hy hom as 'n voorste deskundige op dié gebied in Suid-Afrika gevestig. As vakkundige het hy in die Riekert-kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Benutting van Mannekrag gedien en was hy ook lid van die Wiehahn-kommissie van Ondersoek na arbeidswetgewing, wat die grondslag van huidige arbeidswetgewing in Suid-Afrika gelê het.



*Dr Piet van der Merwe, voorsitter van die Kommissie vir Administrasie*

Verskeie erkennings en eerbewyse getuig van sy buitengewone prestasies en diens aan Suid-Afrika. In 1980 word die Stalsprys vir Ekonomie deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken, en in 1987 ontvang hy die Orde vir Voortreflike Diens van die Staatspresident.

### *Vakkundige betrokkenheid*

*(vervolg vanaf bladsy 20)*

**Prof Stephen du Toit** het 'n referaat, getiteld *Graphical display of correlation matrices using maximum likelihood*, in samewerking met mej Amanda du Preez gelewer.

**Mev Hermi Boraine** het 'n referaat, getiteld *Kruisvalidasie van fasetteorie deur maksimum aanneemlikheid*, gelewer.

Tydens 'n konferensie van Bestuurswetenskaplikes gedurende Oktober in Port Elizabeth, lewer personeel van die Departement Bedryfsekonomie die volgende referate:
**Dr Deon Nel**: *The games that we play now - Group dynamics and business simulation games*

**Prof André de Villiers**: *Tegnologie, ondernemingskultuur en mededingingsvermoë in die nywerheidsektor*

**Prof Sieg Marx**: *Opleiding in die bedryfsekonomie: Verlede, hede en toekoms*

**Prof Dirk van Rooyen**: *Die finansiële impak van die aankoopfunksie op ondernemingsresultate*

**Mnr Hugo Lambrechts** van die Nagraadse Bestuurskool lewer tydens dieselfde geleentheid 'n referaat, getiteld *The relationship between futures prices and spot prices for Eskom's long bond (E 168) futures contract*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# oud-studente

## *Dr Chris Stals*



*Dr Chris Stals, die president van die Reserwebank*

Hierdie besondere oud-Tukkie is op 8 Augustus 1989 as president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangestel, in die plek van dr Gerhard de Kock, wat skielik oorlede is. Hy het in 1955 by die Bank as 'n klerk in die valutabeheerafdeling begin werk. Nadat hy die BCom-graad in 1956 aan die Buitemuurse Afdeling van UP verwerf het, word hy na die Statistiek-departement en later die Ekonomiese departement oorgeplaas. Hy word hoof van die Betalingsbalansafdeling van die Statistiek-departement en betree hiermee 'n gebied waarheen hy telkens sou terugkeer, naamlik dié van internasionale ekonomiese, en veral monetêre, betrekkinge. Gedurende die afgelope aantal jare was hy weer op dié gebied bedrywig met talle onderhandelings rondom Suid-Afrika se buitelandse skuld. In 1959 het hy die graad MCom behaal en daarna met voorbereiding vir sy doktorsgraad begin. In 1966 doen hy ses maande lank navorsing by die Internasionale Monetêre Fonds in Washington oor die werking van hierdie instelling.

'n Belangrike probleem in dié tyd was die internasionale likwiditeitsvraagstuk. Dit was een van die vernaamste faktore wat uiteindelik gelei het tot die finale ineenstorting van die Brettonwoodse vaste wisselkoersstelsel aan die einde van die sestigerjare, en die opkoms van 'n stelsel van swewende wisselkoerse aan die begin van die sewentigerjare. Chris Stals bestudeer dan ook hierdie probleem vir die graad DCom. Hy voltooi die studie in 1968, met 'n proefskrif wat vandag nog as verwysingsbron dien. In 1975 word hy hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en 'n jaar later word hy as vise-president aangestel. In 1981 word hy senior vise-president - 'n pos wat hy tot in 1985 met sy aanstelling as direkteur-generaal : Finansies, beklee. In Mei 1989 word hy spesiale ekonomiese adviseur vir die Minister van Finansies, en kort daarna word bekendgemaak dat hy vanaf 1 November 1989 die volgende president van die Reserwebank sou word.

Chris Stals het egter reeds 'n besondere rol in die verloop van die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika gespeel en terselfdertyd sy besondere vermoë en toewyding bewys. Sedert die skuldstilstand het dr Stals se besondere vermoë om te beding, en steeds vertroue by vriend en vyand in te boesem en goeie interpersoonlike verhoudinge te handhaaf, 'n groot bydrae gelewer om te sorg dat Suid-Afrika nog beweegruimte in die internasionale finansiële wêreld het.

Hy is onder meer 'n Alternatiewe Goewerneur van die IMF, 'n lid van die Raad van Eskom, en van die Ekonomiese Adviesraad van die Staatspresident. Hy is ook 'n raadslid van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika. Gedurende die afgelope aantal jare het hy dikwels plaaslik en internasionaal as spreker opgetree en met gesag oor goud, wisselkoerse en internasionale finansies gepraat. Hy het ook die Orde vir Voortreflike Diens van die Staatspresident ontvang.

## *Alumni brokkies*

Die Fakulteit is volgende jaar 70 jaar oud en 'n spesiale Communiké feesuitgawe word vir 1990 beplan.

Met die oog daarop word alle oudstudente van die Fakulteit uitgenooi om interessante stories, brokkies nuus en foto's van hulle studentedae met ons te deel.

Skakel asseblief vir mev Adri van der Merwe by telefoonnommer (012) 420-2711 of pos u bydrae aan:
Mev Adri van der Merwe
Skakelbeampte, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria 0002



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# 'n Leier in prestasie-ouditering

Prof Bertie Loots, vanjaar se Dosent van die Jaar in die Skool vir Rekenmeestersopleiding, is 'n leier op die gebied van prestasie- of "waarde-vir-geld"-ouditering, 'n spesialiteitsgebied wat sedert sy dae as vennoot by die firma Deloitte, Haskins en Sells, sy belangstelling aangegryp het. Hy het verskeie oorsese lande besoek, en het veral baie tyd in Kanada, waar dié benadering grootliks ontstaan het, deurgebring.

Na sy aanstelling by UP in 1984, het prof Loots sy navorsing oor prestasie-ouditering voortgesit. In 1987 is hy vir drie jaar na die Kantoor van die Ouditeur-generaal gesekondeer, waar hy 'n belangrike rol gespeel het in die ontwikkeling en implementering van 'n gestruktureerde benadering tot die toepassing van prestasie-ouditering. Intussen het hy ook sy proefskrif, getiteld *An evaluation of the applicability of comprehensive auditing in the South African context*, voltooi.



*Prof Bertie Loots*

### Wat is prestasie-ouditering?

Volgens prof Loots is dit 'n onafhanklike ouditeringsproses wat uitgevoer word om die maatreëls ter bevordering van die ekonomiese verkryging, en die doelmatige en effektiewe aanwending van hulpbronne, te evalueer en daaroor verslag te doen. Tot onlangs is die werksaamhede van eksterne ouditeure outomaties gekoppel aan, en grootliks beperk tot, die attesteerfunksie met betrekking tot finansiële state. Alhoewel hierdie 'n belangrike funksie is, kan dit as 'n redelik beperkte gebruik van hoogsopgeleide mannekrag beskou word. Daar het onlangs 'n wêreldwye neiging ontstaan om die eksterne ouditeur se werksaamhede na aspekte rakende die ekonomiese verkryging en die doelmatige en effektiewe aanwending van hulpbronne uit te brei. Hierdie benadering het ook in Suid-Afrika inslag gevind en word toenemend prakties toegepas.

Die verskil tussen prestasie-ouditering en ander vorme van ouditering, soos reëlmatigheidsouditering, word deur prof Loots geïllustreer aan die hand van 'n voorbeeld van 'n onderwysdepartement wat 'n bydrae aan 'n uitsaai-instelling betaal ten einde 'n skoolradiodiens te bedryf.

Tydens reëlmatigheidsouditering sal op die volgende aspekte gelet word:

- Is die betaling van die bydrae goedgekeur?
- Is vir die bydrae begroot?
- Is die korrekte bedrag betaal?
- Is die betaling met voldoende bewysstukke gestaaf?
- Is die betaling korrek toegewys?
- Is die betaling korrek te boek gestel?

Die ander faset wat by prestasie-ouditering van toepassing is, blyk duidelik wanneer daar op die prosedure ten opsigte van dieselfde feitestel gelet word. Tydens prestasie-ouditering sal na die volgende aspekte gekyk word:

- Word skole wel in staat gestel om die skoolradiodiens te benut deur die beskikbaarstelling van radio's?
- Maak klasroosters vir die benutting van die skoolradiodiens voorsiening?
- Geskied uitsendings deur die SAUK geprogrammeerd?
- Is uitsendingsprogramme by skole beskikbaar?
- Vind uitsendings aansluiting by leerplanne?
- Word voorsiening vir die ekonomiese aankoop en instandhouding van radio's gemaak?
- Word die behoefte, bedryf en effektiwiteit van die skoolradiodiens van tyd tot tyd deur die rekenpligtige beampte geëvalueer?

Prof Loots is van mening dat daar nooit deur middel van ouditering bestuur kan word nie. Tog glo hy dat prestasie-ouditering in die praktyk tot 'n afname in ondoeltreffende benutting van openbare fondse kan lei. Dit kan effektiewe openbare verantwoording verbeter, beter beleid, prosedures en strukture daarstel en as katalisator dien om belanghebbendes te oortuig dat prestasie ook in die openbare sektor gemeet en geëvalueer behoort te word.

## 'n Nuwe Polis vir Verswakte Bejaardes

Prof George Marx, bekleër van die Momentum Lewensversekeraarsleerstoel in Versekeringswese, is tans besig met die ontwikkeling van 'n versekeringspolis om liggaamlik verswakte persone finansieel te ondersteun, deur 'n oplossing te vind vir hul versorgingskoste.

'n Persoon wat in die siekeboeg van 'n aftree-oord opgeneem word, moet soms tussen R1 000 en R2 000 per maand slegs vir verblyf betaal, terwyl die gemiddelde pensioen van byvoorbeeld siviele pensioentrekkers slegs sowat R1 250 per maand beloop. 'n Mediese fonds betaal gewoonlik nie vir sodanige verblyf nie.

Versekering wat hiervoor voorsiening maak het eers onlangs in die VSA en Europa sy beslag gekry, en bestaan nog glad nie in Suid-Afrika nie. Die oorsese produk kan egter nie sonder aanpassing in Suid-Afrika gebruik word nie, omdat die infrastrukture vir bejaardesorg aansienlik verskil.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Suid-Afrika se gasvryheid beïndruk buitelanders

Die Buro vir Finansiële Analise (BFA) is sedert 1988 meer as ooit te vore by navorsing vir die toerisme-infrastruktuur van die RSA betrokke. Hierdie navorsing word in opdrag van die SA Toerismeraad onderneem.

Een van die interessantste projekte wat in hierdie verband aangepak is, is 'n halfjaarlikse meningspeiling onder buitelandse besoekers wat terugkeer ná 'n besoek aan die RSA.

Die eerste opname is gedurende Augustus 1988 gemaak, die tweede in Januarie 1989 en die derde in Augustus 1989. Nagenoeg 5600 respondente het op die eerste twee opnames gereageer. Dit verteenwoordig ongeveer 9600 buitelandse besoekers. Insiggewende inligting is deur dié ondersoek verkry.

Die Verenigde Koninkryk is byvoorbeeld die land vanwaar die grootste persentasie besoekers kom, terwyl besoekers uit Wes-Duitsland en dié uit die VSA onderskeidelik die tweede en derde meeste is. Nog 'n feit wat aan die lig gekom het, is dat die tyd wat buitelandse besoekers in Johannesburg, Kaapstad en Durban deurbring, langer is as die gesamentlike tyd wat in alle ander sentra of gebiede in Suid-Afrika deurgebring word.



*Prof Aad Zevebergen, direkteur van die Buro vir Finansiële Analise*


Buitelandse besoekers is veral beïndruk deur Suid-Afrika se wildreservate, Bloutrein, gasvryheid, vriendelikheid en hotelgeriewe.

Die navorsing toon dat meeste van die buitelandse besoekers Suid-Afrika op aanbeveling van vriende of familie besoek, of dat hulle na aanleiding van vorige aangename besoeke weer 'n besoek aan Suid-Afrika bring.

Nagenoeg 80 persent van die respondente het aangedui dat hulle Suid-Afrika graag weer wil besoek en ongeveer 85 persent het aangetoon dat hulle ook hul vriende en familie in hul land van herkoms sal aanbeveel om dié land van kontraste te besoek.

# 'n Nuwe vaktydskrif

Die eerste uitgawe van die Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wat deur die Fakulteit uitgegee word, het in November 1988 verskyn. Hiermee is 'n lank gekoesterde ideaal van die Fakulteit, om 'n wetenskaplike tydskrif van hoogstaande gehalte uit te gee, verwesenlik. Die huidige redaksie van die tydskrif bestaan uit proff Geert de Wet, Sieg Marx en Fanie van Jaarsveld. Die redaksionele komitee sluit egter prominente akademici van ander Suid-Afrikaanse universiteite in en tans word daaraan aandag gegee om die redaksionele komitee verder uit te brei om ook buitelandse akademici te betrek.



*Die redaksionele komitee van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe oorhandig die eerste uitgawe van die tydskrif aan die dekaan van die Fakulteit. Van links staan proff Fanie van Jaarsveld, Koos Stadler, Geert de Wet en Sieg Marx*

Alhoewel die tydskrif deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van UP uitgegee word, word bydraes van kollegas van ander plaaslike en buitelandse universiteite en instellings verwelkom. Trouens, in die eerste uitgawe is drie bydraes van oorsese akademici opgeneem.

Die tydskrif is 'n belangrike kanaal waardeur akademici hul navorsingsresultate bekend kan stel en hul vakkundige standpunte kan stel. As sodanig verteenwoordig dit 'n welkome toevoeging tot die relatief beperkte getal Suid-Afrikaanse tydskrifte op die gebied van die ekonomiese en bestuurswetenskappe. Te oordeel aan die getal bydraes wat vir die eerste uitgawe ontvang is, bestaan daar beslis 'n groot behoefte aan so 'n tydskrif.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# STUDENTEPRESTASIES

# Topstudente word beloon

Tydens 'n prestige Fakulteitsgeleentheid op 22 Maart is verskeie uitblinkerstudente vir hul harde werk gedurende die 1988 akademiese jaar beloon.

Mnr **David Visser** het die Prof B de Loor-prys, geskenk deur dr Anton Rupert, vir die beste prestasie in die voorgeskrewe vakkursusse op 300-vlak van die BCom(Ondernemingsbestuur)-graadkursus, ontvang. Mnr Visser het ook die Volkskasprys vir Ondernemingsbestuur-studente ontvang.

Mnr **Pieter Botha** het die Nasionale Produktiwiteitsinstituut-prys vir die beste prestasie in die vak Bedryfsekonomie oor die hele studietydperk van die BCom(Ondernemingsbestuur)-graadkursus ontvang.

Die Nasionale Produktiwiteitsinstituut stel ook twee verdere pryse aan die studente met die beste semesterpunte in Bedryfsekonomie 310 en Bedryfsekonomie 320 beskikbaar. Mej **Liza Santos** en mnr **Jannie Kruger** het onderskeidelik dié twee pryse ontvang. Mnr Kruger het ook die Carel van Aswegen-prys, geskenk deur dr C H J van Aswegen, vir die beste prestasie in Ekonomie op 300-vlak, ontvang.

Mnr **Jan Reynierse** is aangewys as die student wat die beste presteer het in al die vakkursusse van die BCom(Ondernemingsbestuur)-graadkursus oor die hele studietydperk. Die Saambouprestasieprys, geskenk deur Saambou Nasionale Bouvereniging, is aan hom oorhandig.

Mej **Kendyll Kotze** het die Bates Wells Pretoria-prestasieprys vir die beste prestasie in alle take op 300-vlak in die vak Bemarkingsbestuur ontvang.

Die Nissan-prestasieprys vir die student wat die beste presteer in die vak Bemarkingsbestuur op 300-vlak vir die graad BCom(Bemarkingsbestuur), is aan mev **Nicola van der Merwe** toegeken.

Die Ou Mutual Goue Medalje, wat jaarliks toegeken word aan die student(e) wat gedurende die MBA-studie die beste presteer, is aan kol **Ken Bornman** en mnr **Henri Staal** oorhandig.

Twee Sanlam-prestasiepryse vir die beste prestasies in die vak Ekonomie op 100-vlak, is aan mnr **Henk Deist** en mnr **Udo Böhmer** toegeken. Mnr Deist het ook die Alexander Aiken-prys, geskenk deur Aiken & Peat, Pretoria, ontvang as die student met die hoogste gemiddelde finale punt in al die vakkursusse op die 100-vlak van die BCom(Rek)-graadkursus. Mnre Böhmer en Deist ontvang ook saam met mej **Emrie Pretorius** boekpryse, geskenk deur Unipret Uitgewers, as die drie beste BCom(Rek)-studente in die vakkursusse Finansiële Rekeningkunde 100, Informatika 120 en Statistiek 120.

Mnr **Jaco van der Walt** ontvang die Ekonomie 200-prys, geskenk deur die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise vir die beste prestasie in die vak Ekonomie op 200-vlak.

Die Standard Bank-prestasieprys vir die beste prestasie in die vak Ekonomie op Honneursvlak, is toegeken aan mev **Erna Krogh**.

Mev **Rozanné Cloete** het die Nedbank-prys vir die beste prestasie in Ekonometrie op Honneursvlak ontvang.

As die mees verdienstelike BCom(Personeelbestuur)-student het mnr **Wynand du Plessis** die Gencor-prys ontvang.

Mev **Alta Taljaard** het as die beste student in Personeelbestuur op 300-vlak die Murray & Roberts-prestasieprys ontvang.

Die Barry Wiehahn-prys vir die beste prestasie in BCom(Rek) op 200-vlak is aan mej **Emarie Koen** toegeken. Sy het ook die Kessel Feinstein Merietepryse vir die beste prestasie in Ouditkunde 200 ontvang.

Mnr **Jaco du Plessis** het die Pretoriase Geoktrooieerde Rekenmeestersprys vir die beste prestasie in die jaareindeksamen in Finansiële Rekeningkunde 300 ontvang, sowel as die Gencor-prys as die mees verdienstelike BCom(Rek)-student.

Die Jan Crafford-prys, geskenk deur Theron du Toit vir die beste prestasie in Ouditkunde 300, is aan mej **Esna Botha** oorhandig.

Die student wat die beste in die finalejaar van die BCom(Rek) -graadkursus presteer het, is mnr **Roy Hattingh**. Afgesien van die C H Brink-prys, geskenk



*Mnr Jan Reynierse, beste student in BCom(Ondernemingsbestuur), ontvang die Saambou-prestasieprys*



*Mnr Nico Liebenbergh ontvang die Vryemark Stigting-prys van mnr Leon Louw*



*Prof Koos Stadler en mej Therésilda Bouwer, een van die talle topstudente in die Fakulteit*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

deur Federale Volksbeleggings Beperk vir dié prestasie, ontvang hy ook tydens hierdie geleentheid die Fischer Hoffman Stride, Pretoria-prys as die beste student in Bestuursrekeningkunde 300. Vir sy uitmuntende akademiese prestasie tydens sy BCom-(Rek)-graadstudie, ontvang mnr Hattingh ook die Vise-kanseliersmedalje, sowel as 'n kontantprys as die beste student in die Geesteswetenskappe.

'n Toekomstige miljoenêr, mnr **Nico Liebenberg**, het die Vryemark Stigting van SA-prys ontvang as die Bestuursrekeningkunde-student wat die beste opstel geskryf het oor "Hoe ek my eerste R1-miljoen gaan maak".

Mnr **Mark Wiechers** is as die beste student in die vak Belasting 300 aangewys. Die Pim Goldby-prys is aan hom toegeken.

Mej **Edith Ottermann** is as die beste Finansiële Rekeningkunde 700-student aangewys. Die Dick Ochse-prys, geskenk deur Ernst & Whinney is aan haar toegeken vir dié besondere prestasie.

Die prys vir die beste prestasie in Ouditkunde 700, geskenk deur Deloitte, Haskins & Sells, is aan mnr **Johan Heydenrych** toegeken.

Die Arthur Young-merieteprys vir die beste prestasie in Belasting 700 is aan mej **Therésilda Bouwer** toegeken. Sy ontvang ook die Carel van Aswegen-prys vir die BCom (Hons)(Rek)-student wat die beste presteer het, sowel as die Geoktrooieerde Rekenmeestersprys, geskenk deur die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters vir die beste prestasie in die finalejaar van die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningwetenskappe.

Mnr **Louis Lötter** het die Rentmeester-merieteprys as die student wat die beste vordering getoon het in die behaling van die graad BCom-(Hons)(Rek) ontvang. Dié prys is geskenk deur Rentmeester Versekeraars Beperk.

Saambou Beherend Beperk het pryse vir die beste programmeringsprojekte in Informatika op 100-vlak geskenk. Die pryse is toegeken aan mnr **Kobus Janse van Rensburg**, mev **Anecia Nel** en mnr **Gustav Mauer.**

# Wenners in beeld



*Foto regs: Die Ou Mutual Goue Medalje word jaarliks aan die beste MBA-student(e) toegeken. Vanjaar se wenners is kol Ken Bornman en mnr Henri Staal. Hier ontvang kol Bornman sy medalje*



*Twee pryswenners van die Departement Personeelbestuur. Mnr Wynand du Plessis (links) en mev Alta Taljaard (middel) by prof Leo Vermeulen, hoof van die Departement*



*Mej Esna Botha ontvang die Jan Crafford-prys van mnr Hancke Scheepers, nasionale voorsitter van Theron du Toit*



*Mej Edith Otterman, die beste Finansiële Rekeningkunde 700-student, ontvang die Dick Ochse-prys. Mnr Thys du Preez, vennoot by Ernst & Young, wens haar geluk*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# GR-eksamen onder moeilike omstandighede afgelê

Wat sê 'n mens vir 'n student wat jou die middag voor sy dié belangrikste eksamen in haar akademiese loopbaan aflê, skakel en jou meedeel dat haar man vir sy lewe veg? Dit was die penarie waarin prof Marius Koen van die Skool vir Rekenmeestersopleiding hom op 28 Maart 1989 bevind het.

Een van die Skool se topstudente, Charlotte Trollip, het gedurende 1988 haar BCom(Hons)(Rek) en STR-kwalifikasies as voltydse student verwerf met die oog daarop dat sy die Kwalifiserende Eksamen (GR-eksamen) van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad gedurende 29 tot 31 Maart 1989 sou aflê.

Haar man, George, het die middag van die 28ste by 'n vriend in 'n woonstel gekuier. Hy het sy balans verloor toe hy teen die balkonreëling geleun en twee verdiepings ver geval het. Weens ernstige kopbeserings is hy onmiddellik na die HF Verwoerd-hospitaal gehaas. Toe Charlotte by die hospitaal opdaag, was die dokter se woorde aan haar dat hulle weinig hoop vir hom het, aangesien hy skedelbreuk en vermoedelik bloeding op die brein opgedoen het. Indien hy sou leef sou hy heelwaarskynlik breinskade hê.

Om iemand wat jou met so 'n ernstige situasie konfronteer die regte advies te gee, is volgens prof Koen 'n skaakmatsituasie. Om 'n keuse te maak tussen jou eggenoot wat om sy lewe veg en 'n eksamen wat jou professionele loopbaan vir die toekoms bepaal, is 'n turksvy wat nie vir enige iemand gegun word nie. Sy advies aan haar was om by haar man te bly indien sy toestand dit vereis, en om te gaan eksamen skryf slegs indien die dokters meen dat haar teenwoordigheid by die hospitaal geen verskil aan sy toestand sou maak nie.


Dit was volgens Charlotte 'n wonderwerk dat George se toestand só gestabiliseer het dat sy die aand reeds huistoe kon gaan en die volgende oggend eksamen kon gaan skryf. Met haar man se ernstige toestand steeds in haar agterkop, was Charlotte tog baie kalm tydens die drie vermoeiende vieruur-vraestelle wat sy moes aflê.

Die 30ste Junie, die dag waarop die eksamenuitslae bekend sou word, was naby. Intussen het George wonderbaarlik en sonder enige breinskade herstel, wat alreeds vir Charlotte-hulle 'n groot geskenk was. George was egter bekommerd dat Charlotte dalk nie sou slaag nie omdat die ongeluk haar so ontsenu het. Die spanning in die dae voor die uitslae was duidelik sigbaar toe die uitslae op die kennisgewingbord van die Geesteswetenskappegebou aangebring is.

Charlotte het geslaag. Meer as een vriend en dosent wat van hierdie drama bewus was, het saam met hulle die oomblik van verligting en vreugde gedeel.

Charlotte het reeds haar klerkskap by 'n ouditeursfirma voltooi voordat sy haar nagraadse studies aangepak het, en is tans as dosent in Ouditkunde by UNISA werksaam.


## *Fakulteit lewer topstudent vir die derde keer*



*Prof Danie Joubert, Vise-kanselier en Rektor saam met mnre Roy Hattingh (links), beste student in die Geesteswetenskappe en Paul van Wamelen (regs), beste student in die Natuurwetenskappe wat die Vise-kanseliersmedaljes in 1989 ontvang het*

Mnr Roy Hattingh, 'n BCom(Rek)(Honneurs) en STR-student, het vanjaar tydens die Herfspromosieplegtigheid die Vise-kanseliersmedalje as die beste student in die Geesteswetenskappe ontvang.
Hierdie toekenning is gemaak op grond van mnr Hattingh se uitmuntende akademiese prestasie oor die duur van sy BCom(Rek)-studie. Dit was vanjaar die derde agtereenvolgende jaar dat hierdie prestige medalje aan 'n student van die Skool vir Rekenmeestersopleiding toegeken is.

## Praktiese wenke vir eerstejaars



*Emarie Koen, een van die topstudente in die Skool vir Rekenmeesteropleiding, het in haar tweede jaar 'n boek geskryf. Dié boek, getiteld "Ek word 'n Eerstejaar" bevat nuttige wenke vir voornemende studente*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Nuusbrokkies

## Departement Bedryfsekonomie

**Prof Sieg Marx,** hoof van die Departement, word vanaf 1 Augustus 1989 tot 31 Julie 1990 na die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) gesekondeer. Prof Dirk van Rooyen sal tydens prof Marx se afwesigheid as departementshoof waarneem.

**Prof Ludi Koekemoer** is deur die Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie aangestel as lid van die SA Koördinerende Verbruikersraad. Die aanstelling geld vir 'n termyn van drie jaar, met ingang 1 Julie 1989.

## Departement Bestuurswese

**Prof Tienie van Vuuren,** direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, is op die direksie van die KwaNdebele Nasionale Ontwikkelingskorporasie (KNOK) aangestel.

**Prof Leon Brümmer** is as lid van die Strategiese Beplanningskomitee van die Kontroleur en Ouditeur-generaal aangestel.

**Prof Nic Alberts** is vanaf 1 Januarie 1989 as Adjunk-direkteur: Akademies van die Nagraadse Bestuurskool aangestel.

**Prof Koos de la Rey** is vanaf 1 Januarie 1989 as Bestuurder: Ondersteuningsdienste van die Nagraadse Bestuurskool aangestel.

**Prof Adré Boshoff** is vanaf 1 April 1989 as Adjunk-direkteur: Navorsing van die Nagraadse Bestuurskool aangestel.

## Departement Ekonomie

**Prof Geert de Wet,** hoof van die Departement, is aangewys as voorsitter van die RGN se Dissiplinegerigte Komitee vir Ekonomiese Wetenskappe.

**Proff Mike Truu** en **Geert de Wet** is albei aangestel op die paneel van kundiges wat 'n evaluering moes doen van die streeks-nywerheidsontwikkelingsprogram van Suid-Afrika.

**Prof Fritz Steyn** is aangewys as lid van die Werkkomitee: Nasionale strategie vir indiensopleiding, vir 'n ondersoek wat geloods is deur die RGN.



*Prof Bertie Loots ontvang die Theron du Toit-prys vir die Dosent van die Jaar in die Skool vir Rekenmeesteropleiding van mnr Hancke Scheepers, nasionale voorsitter van Theron du Toit*



*Prof Geert de Wet*


## Departement Landbou-ekonomie

**Prof Jan Groenewald,** hoof van die Departement, het die Stalsprys in Ekonomie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Prof Groenewald is die derde hoof in die geskiedenis van die Departement wat 'n toekenning van die Akademie ontvang. Prof Grosskopf het die Hertzogprys vir Letterkunde in 1926 ontvang en prof Tomlinson die Havengaprys vir Ekonomie in 1957. Sover vasgestel kan word, is die Departement die enigste akademiese departement aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit waar al drie Akademie-pryse aan personeel toegeken is.

Prof Groenewald ontvang ook die Ernest Oppenheimer Memorial Trust Travelling Grant (Senior academics) vir sy studie in die VSA en die S J J de Swart-Agrekonprys vir die beste publikasie in die Agrekon. Laasgenoemde *(vervolg op bladsy 30)*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010



*Prof Jan Groenewald*

**Nuusbrokkies**
*(vervolg van bladsy 29)*
prys word met prof Johan van Zyl gedeel.

**Prof Johan van Zyl** is tot vise-president van die Landbou-Ekonomie Vereniging van Suider Afrika verkies en is ook as lid van die Komitee van Ondersoek na bemarkingsalternatiewe vir die Mieliebedryf aangestel. Prof Van Zyl ontvang saam met dr Nic Vink ('n deeltydse dosent in die Departement) die LEVSA-toekenning vir die beste publikasie. Dit is die vierde agtereenvolgende jaar dat dié eer prof Van Zyl te beurt val. Hy verower ook die BP-Nampo beurs en die RGN Senior Navorsingstoekenning vir gevorderde navorsing in belang van die Mieliebedryf in die buiteland.

**Mnr Willie Lubbe** word tot lid van die Statistiese en Beleidskomitee van die Vleisraad benoem en ontvang die Lady George Farrer beurs vir gevorderde studie.

## Departement Personeelbestuur

**Prof Leo Vermeulen**, hoof van die Departement, is in Maart vanjaar tot voorsitter van die UP Personeelvereniging verkies. Hy is ook as lid van die bestuur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Personeelbestuur (Noord-Transvaal-tak) verkies.

## Departement Publieke Administrasie

**Prof Paul Botes**, hoof van die Departement, is tot voorsitter van die Raad van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Organisasie en Metode verkies.

**Prof Yvonne Andrews** het gedurende die eerste semester vanjaar as hoof van die Departement waargeneem.

## Departement Rekening- en Ouditkunde

**Prof Steve du Randt** is deur die Ouditeur-generaal as adviseur op rekenaars aangestel. Proff Du Randt en Loots is albei as lede van die Strategiese Beplanningskomitee van die Kontroleur en Ouditeur-generaal aangestel.

**Prof Bertie Loots** is die eerste ontvanger van die Theron du Toit-prys vir die Dosent van die Jaar in die Skool vir Rekenmeestersopleiding.

## Departement Statistiek

**Prof Herman Schoeman** is op die Fakulteitsraad Natuurwetenskappe en Tegniek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies.

**Prof Chris Smit** is as voorsitter van die Loopbaankomitee van die SA Statistiese Vereniging en as lid van die Uitvoerende komitee verkies.

**Prof Leon Vivier** is as lid van die Loopbaankomitee van die SA Statistiese Vereniging gekoöpteer.

**Mnr André Swanepoel** is as sekretari van die Loopbaankomitee van die SA Statistiese Vereniging gekoöpteer.

## Versekeringswese

**Prof George Marx**, bekleër van die Momentum Lewensversekeraars-leerstoel in Versekeringswese, is as lid van die Raad van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs aangestel.

## Nuwe Akademie-lede

Verskeie personeellede in die Fakulteit is vanjaar as lede en assessorlede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies.

Prof Koos Stadler, dekaan, en prof Geert de Wet, hoof van die Departement Ekonomie, is as Akademielede verkies. Die volgende persone is as assessorlede verkies: proff Sieg Marx en Dirk van Rooyen van die Departement Bedryfsekonomie; proff Tienie van Vuuren, Leon Brümmer, Adré Boshoff en Ronel Erwee van die Departement Bestuurswese, asook proff Gerrit Viljoen, Herman de Jager en Bertie Loots van die Departement Rekening- en Ouditkunde.

# Grade deur personeel verwerf

Prof Bertie Loots, Departement Rekening- en Ouditkunde, verwerf die graad DCom met sy proefskrif getiteld *An evaluation of the applicability of comprehensive auditing in the South African context.*

Mnr Deon Nel, Departement Bedryfsekonomie, verwerf die graad DCom met sy proefskrif getiteld *Some effects of group dynamics on strategic marketing decision making - An experimental simulation.*

In die Departement Statistiek is daar twee personeellede wat grade verwerf het. Mev Estelle Jonkergouw verwerf die MCom-graad (cum laude) en mnr Hendrik Wolmarans die graad BSc(Honneurs).

Vier personeellede van die Departement Ekonomie het 'n BCom(Honneurs)-graad verwerf. Mej Charlotte Buitendag en mev Rozanne Cloete verwerf albei die graad BCom(Honneurs)(Ekonometrie) met lof, terwyl mnre Pieter Nel en Francois Knipe albei die graad BCom(Honneurs)(Ekonomie) verwerf.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Dosentekorps versterk

Verskeie nuwe dosente het gedurende die afgelope jaar by die Fakulteit aangesluit. Tydens die tradisionele verwelkomingsfunksie, wat vanjaar op 1 Junie plaasgevind het, is die nuwe personeel aan hul kollegas voorgestel.

**Departement Bedryfsekonomie**

Mnr Marius Botha - lektor vanaf 13 Februarie 1989

Mnr Klaus Buhr - lektor vanaf 1 Mei 1989

Mnr Ian Scott - lektor vanaf 1 Mei 1989

Mnr Piet van Heerden - lektor vanaf 13 Februarie 1989

Mnr Robert van Eyden - junior lektor vanaf 1 Julie 1989

**Departement Bestuurswese**

Dr Thinus de Wet - senior lektor vanaf 1 Januarie 1989

**Departement Ekonomie**

Mej Charlotte Buitendag - lektrise vanaf 1 Januarie 1989

Mev Rozanne Cloete - lektrise vanaf 1 Januarie 1989

Mnr Pieter Nel - lektor vanaf 1 Januarie 1989

**Departement Handels- en Arbeidsreg**

Mnr Stefan van Eck - lektor vanaf 1 Januarie 1989

**Departement Informatika**

Prof Johan Smith - bekleër van die Persetel leerstoel in Informatika vanaf 1 Julie 1989

Mnr Otto Pretorius - junior lektor vanaf 1 Januarie 1989

**Departement Personeelbestuur**

Mev Retha Wiesner - lektrise vanaf 1 April 1989

**Departement Statistiek**

Mej Amanda du Preez - lektrise vanaf 1 Januarie 1989

Mnr Hendrik Nel - senior lektor vanaf 1 Februarie 1989




*Prof Johan Smith, voorheen Senior Hoofbestuurder: Bemarking van Lifegro, is vanaf 1 Julie 1989 as voltydse professor in die Departement Informatika aangestel. Prof Smith is die eerste bekleër van die Persetel leerstoel in Informatika, wat deur Persetel (Edms) Bpk geborg word. Hierdie vennootskap tussen die Universiteit en die private sektor beteken vir die Departement, wat sy leer- en navorsingsopdrag nie in isolasie van die handelswêreld kan en wil uitvoer nie, geweldig baie*

# Buitengewone professore aangestel

**Mnr André Bezuidenhout** van Anglo-American, een van die voorste kundiges in Suid-Afrika op die gebied van Rekenaarouditering, is vanaf 1 Februarie 1989 as buitengewone professor in die Departement Rekening- en Ouditkunde aangestel. Hy sal met die aanbieding van lesings vir MCom(Rekenaarouditering)-studente behulpsaam wees.

**Dr Louis Raubenheimer**, 'n bekende in die Suid-Afrikaanse rekenaarwêreld, is vanaf 1 Julie 1989 as buitengewone professor in die Departement Informatika aangestel. Hy is tans as sakeman en konsultant by 'n verskeidenheid van projekte, waarby inligtingstegnologie ter sprake is, aktief betrokke.





*Regs bo: Mnr André Bezuidenhout*

*Regs onder: Dr Louis Raubenheimer*

## Personeel-bevorderings

Verskeie personeellede is gedurende die afgelope jaar bevorder tot -

**Professor:**

Prof Koos de la Rey, Bestuurswese
Prof André de Villiers, Bedryfsekonomie
Prof Piet de Wit, Bedryfsekonomie
Prof Ronel Erwee, Bestuurswese
Prof Ernest Glad, Rekening- en Ouditkunde
Prof Dieter Gloeck, Rekening- en Ouditkunde
Prof Andrew Marx, Bedryfsekonomie
Prof Chris Nagel, Handels- en Arbeidsreg
Prof Johan van Zyl, Landbou-ekonomie

**Mede-professor:**

Mnr Riaan du Plessis, Rekening- en Ouditkunde
Mnr Gerrie Roodt, Bestuurswese
Mnr Gert van der Linde, Rekening- en Ouditkunde

**Senior lektor:**

Mev Hermi Boraine, Statistiek
Mev Monika Roode, Rekening- en Ouditkunde


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Staatmaker – senter van die Blou Bulle



*Pieter Nel*

Die bekende Noord-Transvaal senter, Pieter Nel, is vanjaar as dosent in die Departement Ekonomie aangestel, terwyl hy terselftertyd as MCom(Ekonomie)-student ingeskryf is.

Hy het in 1988 sy honneursgraad in Ekonomie behaal en reeds 'n aantal van die kursusse vir sy LLB-graad geslaag.

Pieter het reeds in sy laerskooldae op Witbank getoon dat hy in die voetspore van sy pa, Lofty Nel, gaan volg. Hy het in die laerskoolspan van Suid-oos-Transvaal, en later in die hoërskoolspan van dié provinsie gespeel.

As student aan UP het hy die Universiteit en Noord-Transvaal as onder-20 speler verteenwoordig. Een van sy grootste ideale is op 4 April 1987 verwesenlik toe hy die geleentheid gekry het om vir die Blou Bulle te speel. Sedert die eerste dag wat hy die ligblou trui oor sy kop getrek het, is hy een van die staatmakers van die suksesvolle Noord-Transvaalspan.

Die sukses wat Pieter op akademiese en sportgebied behaal, toon die geesdrif waaarmee hy elke taak wat hom opgelê word, aanpak.

## Een uit 'n honderdduisend

Prof George Marx, bekleër van die Momentum Lewensversekeraarsleerstoel in Versekeringswese, het die 46ste plek uit 350 deelnemers in vanjaar se KWV Bergrivier-kanomarathon, wat in Julie gehou is, behaal. Dit is op sigself 'n besondere prestasie vir enige professor. Wat die prestasie nog meer uitsonderlik maak, is die feit dat dit die derde jaar was dat hy in dié posisie geëindig het. Prof Marx reken dat die kans vir so iets om te gebeur, een uit 'n honderdduisend is.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Ons verbintenis tot Staatmakerdiens beteken dat u dié soort diens kry wat regtig vir u saak maak.

By Volkskas is ons almal verbind om ons uiterste bes vir u te lewer. Ons noem dit Staatmakerdiens – dit wat u eintlik van u bank verwag. Staatmakerdiens maak Volkskas anders as enige ander bank.


U kan staatmaak op Volkskas – u eie bank!

VOLKSKAS BANK

vir Staatmakerdiens

McCANN 206538/4

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010




It took twenty years of dedicated practice to get to this, her greatest moment.

When it's over, the same dedication and inspiration that was responsible for this success will continue to carry her to even greater achievements.

If you're the kind of person who seeks these qualities in a bank, the Standard is your kind of bank.

Determination to do better made us the leading banking group. Not only in modern banking methods, but also in the old-fashioned way in which we conduct our customer relationships.

And it is this concern for quality which drives us to develop our skills even more.

Because only by constantly improving the quality of our products, service and advice, can we ensure that the kind of person who seeks the best in banking, can find it at the Standard.

The Standard, Your kind of bank.

**Standard Bank** | **Your kind of bank**

The Standard Bank of South Africa Limited. (Registered Bank) Reg. No. 62/00738/06

SBIC 313178

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010